

# *Rokende Houtstomp*

## *Volume 5*

*Uit die ewige vuur geruk*

*(Is dit dalk jy?)*



*Joas Natan*

Kopiereg: Joas Natan

Gedruk en gepubliseer: Suid-Afrika 2022

Teksredigeerder: A. Oosthuizen

Skryfaanhalings: Afrikaanse Bybelvertaling 1983 indien nie anders vermeld nie.

Formaat: E-Boek

Alle regte word voorbehou.

Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word in enige vorm en op enige manier,

elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames, of in enige

informasiebewaringseenheid en herwinningsstelsel sonder die uitdruklike

toestemming van die skrywer nie.

Kontakbesonderhede: [admin@joasnatan.co.za](mailto:admin@joasnatan.co.za)

Vir hierdie en ander boeke, besoek <https://joasnatan.co.za>

## **Oorsig**

### **Jaar Een**

**Volume 1: 1 Januarie tot 26 Februarie.**

**Volume 2: 27 Februarie tot 18 April.**

**Volume 3: 19 April tot 9 Junie**

**Volume 4: 10 Junie tot 31 Julie**

**Volume 5: 1 Augustus tot 21 September (Huidige boek)**

**Volume 6: 22 September tot 12 November**

**Volume 7: 13 November tot 31 Desember**

### **Jaar Twee**

**Volume 8: 1 Januarie tot 21 Februarie**

**Volume 9: 22 Februarie tot 10 April**

**Volume 10: 11 April tot 31 Mei**

## **Inhoudsopgawe (Volume 5)**

<b>Inleiding</b>	<b>Bl. 7</b>
1 Augustus. Hartkamers	11
2 Augustus. Hartseer, kla en rou	15
3 Augustus. Heer	17
4 Augustus. Heilige Hande	19
5 Augustus. Heilige Kommunikasie	23
6 Augustus. Heilige Perfektheid	26
7 Augustus. Helse kringloop	29
8. Augustus. Hemel	31
9 Augustus. Hemelsekerheid	33
10 Augustus. Herlewing	36
11 Augustus. Het God jou lief?	38
12 Augustus. Hier volg die nuus. 1	40
13 Augustus. Hier volg die nuus. 2	43
14 Augustus. Hoe dood is dood? 1	47

15 Augustus.Hoe dood is dood? 2	50
16. Augustus. Hoe is God?	53
17 Augustus.Hoër skeppingsorde	56
18 Augustus. Homoseksualisme	59
19 Augustus. Hoogste offer	64
20 Augustus. Hoop vir die rykes	66
21 Augustus. Hoor en doen. 1	68
22 Augustus. Hoor en doen. 2	70
23 Augustus. Hoor en doen 3	72
24 Augustus. Hoor en doen 4	75
25 Augustus.Huisbouers	79
26 Augustus. In. 1	82
27 Augustus. In. 2	85
28 Augustus. Huisvrou.	89
29 Augustus. Humanisme	92
30 Augustus. Hy vir my	94
31 Augustus. Identifisering	96

1 September. If you love	99
2 September. Ingebore	101
3 September. In U Naam.	103
4 September. Insig en uitputting	106
5 September. Jagesarema. 1	108
6 September. Jagesarema. 2	110
7 September. Jagesarema. 3	112
8 September. Getuienis Stormsrivier.	114
9 September. Jibneja	117
10 September. Jeberega. 1	119
11 September. Jeberega. 2	122
12 September. Jeberega. 3	125
13 September. Joh. 12: 24	127
14 September. Kan God verander?	129
15 September. Kanaal	131
16 September. Karwag	133
17 September. Ken of glo	135

18 September. Kernvers	138
19 September. Kernwaarheid. 1	140
20 September. Kernwaarheid. 2	143
21 September. Kernwaarheid. 3	145

## **Inleiding**

### **Waarom?**

Mense wonder gewoonlik waarom 'n persoon 'n boek skryf. Hierdie boek met 52 dagstukkies is saamgestel uit idees wat die Heilige Gees gedurende die jare 2005 tot 2022 by die skrywer, in sy stiltetyd laat opkom het. Hy is gedring deur 'n dringende behoefte om die gedagtes met ander te deel, ander wat dalk nog nie op die bepaalde wyse oor dinge in die Bybel gedink het nie. Daarom mag van die idees vreemd en nuut vir die leser wees. Daar mag ook 'n herkenning wees van idees soos dit vroeër aan die leser bekend gemaak is. Dit is immers dieselfde Heilige Gees wat ons leer. Die naam van die oorspronklike boek: *Rokende Houtstomp uit die vuur geruk*, kom uit Sagaria 3:2. Dit is die skrywer se bede dat hierdie boodskappe sal bydra om siele, soos rokende houtstompe, uit die ewige vuur van God se oordeel te ruk.

### **Waaroor?**

'n Mens wonder ook waarom die boek gaan wanneer jy dit die eerste keer in jou hande neem. Wat maak hierdie preke anders as ander boeke met boodskappe vir die jaar?

Dalk is dit die nuwe, unieke, vars siening van ou waarhede wat hierdie boekie sal onderskei van ander. Telkens is die skrywer verras deur die varsheid van die idee, soos aan hom geopenbaar, in tye van diepe kommunikasie met die Here.



Indien die boekie oorsigtelik deurgeblaai word, sal die volgende temas uitstaan:

1. Eer, lof, dank en aanbidding aan God die Vader, Sy Seun ons Here Jesus en die Heilige Gees van Vader en Seun.
2. Die uitbreiding en koms van God se Koninkryk
3. Om God se wil te onderskei en dit te doen.
4. Om aandag te gee aan menslike nood en behoeftes en hoe dit bevredig kan word.
5. Oor die vergifnis van 'n sondaar en die sondaar se vergifnis van ander.
6. Die gevaar van die verleiding van satan en satan se ondersteuners.

In kort gaan dit oor die essensies van die lewe soos Jesus dit vir ons aangedui het in die gebed van alle gebede naamlik die *Onse Vader* in Mat.6: 9 tot 13.

Vir wie is hierdie dagstukkies bedoel?

**Die volgende groepe persone behoort baat te vind by die lees van hierdie dagstukkies:**

1. **Ongelowige mense** wat die eerste keer die Evangelie van verlossing sal hoor.
2. **Valse gelowige**, dit wil sê mense wat dink dat hulle gered is maar wie in 'n gekkeparadys leef en eers by hulle dood sal uitvind dat hulle saak met die Here nooit reg was nie. Dikwels sal van die leuens wat hierdie mense mislei, uitgewys word.

3. **Gelowiges wat teruggeval het.** Dit wil sê mense wat hulle vroeëre passie en liefde vir die Here verloor het.
4. **Onverskillige mense** wat dink dat alles net oor hierdie stukkie lewe gaan en vir wie daar nie eintlik ‘n ewigheidsperspektief bestaan nie.
5. **Pastore, Predikante en Geestelike leiers;** elkeen wat geroep is om ander te leer en moontlik ‘n vars siening van ou waarhede soek.
6. Ten slotte behoort **gelowige kinders van God** ook te baat by die lees van hierdie dagstukkies aangesien dit geskryf word om te bemoedig, hoop te gee, te leer, te versterk en leuens te ontbloot. Dit sal ‘n seën vir gelowiges wees aangesien dit gaan oor die liefde van God, die genade van Sy Seun en die wonderlike teenwoordigheid van die Heilige Gees.

### **Oor die outeur en finansies.**

Die boek word anoniem geskryf. Die doel daarmee is dat alle eer God, vir die skryf van hierdie boek, toekom. Die skrywer was maar net die instrument waardeur God gewerk het. Vandaar dat die skuilnaam *Joas Natan* gebruik word. Joas beteken: *Die Here het gegee*. Natan beteken: *Hy het gegee*.

Die outeur kan gevolglik ook nie aanspraak maak op enige finansiële voordeel uit die druk en verspreiding van die boek nie. Aangesien die boek as ‘n gratis E-boek, vir almal wat belangstel, beskikbaar gestel word, word daar ook geen inkomste uit die boek verdien nie.

*5 September 2015 tot November 2023 (Finale samestelling van boek)*

***Mag God deur die werking van Sy Heilige Gees alle gedagtes wat in hierdie boek opgeteken is, ontsluit soos Hy wil, vir wie Hy wil, wanneer Hy wil.***

***Joas Natan***

**Neheil: Woonplek van God.**

In Openbaring 3: 20 staan die volgende:

*Kyk, Ek staan by die deur en ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.*

Maak oop die deur van jou lewenshuis dat Jesus kan inkom. Hy staan en klop en Hy is gereed om nou in te kom.

Laat Hom toe in elke vertrek van jou lewenshuis.

Moontlik is dit goed dat Hy eerste in die sondevertrek toegelaat word. Laat Hom toe om dit met Sy Bloed uit te was sodat dit spierwit skoon kan word.

Die persoonlike private selfvertrek kan dan volgende aan die beurt kom. Wanneer jy Jesus hierin toelaat sal Hy jou help om die self te kruisig.

Die volgende vertrek wat aandag moet kry is dalk die kluis. Dit is hier waar al jou kosbaarhede in toegesluit word. Alles wat so dierbaar vir jou is. Laat Jesus hierin toe, meer nog gee dit alles oor aan Hom. Laat Hy Sy wil doen ten opsigte van die beheer en bestuur daarvan. As jy Hom toelaat sal Hy vir jou wys hoe Hy die kamer van kosbaarhede wil gebruik. Moontlik sal Hy die deur van die kluis afhaal en 'n paar vensters inbreek. Dalk sal hy dit die rusplek van arm mense maak.

Dalk het jy ook in jou huis 'n donkerkamer. Dalk gebruik jy dit nie eintlik vir fotografie nie maar bêre jy alles waarvoor jy skaam is, hier.

Laat Jesus toe om met Sy lig, die lig van vergifnis, hier in te skyn.

Wat van jou afgodskamer? Wil jy nie maar Jesus ook hierin toelaat nie. Jy weet mos van al die afgode wat jy heimlik so geniet en wat jy graag net vir jouself sou wou hou. Dink maar aan jou sport, jou voertuig, jou strandhuis, jou gholf, jou vriende, jou drankies, jou rook, jou singenot soos kos en seks, jou huis, jou tuin, jou studies en jou werk.

Dan is daar nog die troonkamer. Wie sit op die troon in hierdie kamer? Is dit miskien jyself met jou eie begeertes, jou eie wil, jou eie idees, jou eie belange, jou eie doelstellings? Is jy jou eie god wat bo alles gedien word? Of is dit Jesus en het jy jouself voor Hom en Sy belange verloën en gekruisig.

Moontlik het jy dalk 'n studeerkamer wat vir God oopgestel moet word. Wat is die passie van jou lewe? Wat lees jy graag? Wat interesseer jou bo alles? Waaraan word jou tyd en belangstelling hoofsaaklik bestee? Is dit jou rekenaar, jou gesprekke met rekenaarvriende, jou geheime pornografie op internet of een of ander groot sekulêre skrywer se werke? Is jy 'n kenner van een of ander onderwerp? Of is Jesus en Sy woord jou eerste en primêre studieveld?

Het jou lewenshuis 'n gastekamer? Is die Here maar net by geleentheid 'n gas in jou huis vir Wie alles dan mooi skoongemaak en reggemaak word? Of bly Hy in jou lewenshuis op 'n permanente basis as die nuwe eienaar?

Groot en luukse huise het soms 'n beheerkamer. Vanuit hierdie kamer word alle sekuriteit beheer en word die inwoners beveilig. Wie is in die beheerkamer van jou lewe? Wie reël jou sekuriteit? Wie sorg dat dit elke dag met jou goedgaan? Is jou hoop op jou polisse, jou sekuriteitswagte, jou alarmstelsel of op die Groot Beheerder van alles?

Elkeen van ons het ons eie lewenshuis. Elkeen sal sy eie huis voor Jesus moet oopstel. Dit is veral daardie geheime kamers van ons lewenshuise wat so dringend God se teenwoordigheid benodig. Dink aan jou geheime kamers, Jesus wil ook hier inkom, Hy wil ook dit reinig met Sy bloed. Hy wil ook daarin Heer en Koning wees. Wanneer Hy inkom om met jou feesmaal te hou, wil Hy nie net in sekere plekke in jou lewenshuis toegelaat word nie. Hy wil orals welkom wees. Alles moet vir Hom oop wees. In alle vertrekke moet Hy welkom wees. Niks moet vir Hom verborge wees nie. As hy wil instap in jou slaapkamer moet Hy welkom wees. Daar mag niks vir Hom verborge wees nie. Niks in jou badkamer mag vir Hom weggesteek wees nie. Alles in jou kombuis moet vir Hom oopgestel word.

Indien jy bereid is om Jesus toe te laat om in jou hele lewenshuis in te kom sal Hy jou vereer deur met jou 'n feesmaal in jou lewenshuis te hou.

Die aangrypendste is egter dat jy ook saam met Hom feesmaal sal hou (*en hy saam met My*) in Sy Huis. Dan sal jy nie tevergeefs vir toegang klop nie,( Matt. 7:7) dan sal jy nie tevergeefs soek om ingelaat te word nie, dan sal jy nie tevergeefs vra dat Hy jou moet toelaat nie. Dan sal jy vir ewig feesmaal hou saam met Jesus in die Nuwe Jerusalem, want Hy het jou tot Sy huis toegelaat, in al die kamers.

Neria: Fakkels van die Here.

Op die oog af mag *hartseer, kla, rou en sug* na negatiewe emosies klink. Wanneer was jy laas hartseer? Wanneer laas het jy gekla oor iets? Wanneer laas het jy gesug? Waaroor het jy gehuil, gekla en gesug? Was dit dinge wat jou persoonlik geraak het soos 'n verlies, 'n ongerief of 'n ongemak?

In Esegïel 9: 4 word daar vertel van Israëliete wat gekla, gesug en gehuil het oor afskuwelike dinge wat in hulle stad gebeur het. Al die mense wat gekla en gesug het, is deur 'n engel (Persoon met fyn linne klere aan) met 'n merk op hulle voorhoofde geïdentifiseer. Hierdie merk het die mense herkenbaar gemaak vir die ander persone wat met die swaard tussen die Israëliete beweeg het en almal wat nie die merk op hulle voorhoofde gehad het nie, doodgemaak het. Die groot vraag is nou: *Waaroor het die Israëliete met die merk op hulle voorhoofde gekla, gehuil en gesug?*

Hierdie Israëliete het gehuil en gekla en gerou oor hulle **landgenote**. Nou wat het die landgenote dan gedoen wat hierdie mense so hartseer gemaak het? Hulle het God bedroef met hulle optredes soos moord, onregverdiges regsuitsprake en afgodediens.

Kom ons keer terug na *hartseer, sug en kla*. Waaroor is ons hartseer? Waaroor sug ons en waaroor uitsprake van mense in kla ons? **Is dit oor ons landgenote**



**en wat hulle doen wat God bedroef?** Is dit dinge soos moord, onregverdige uitlewing van gesagsposisies? Huil ons oor mense om ons wat weier om te trou en net saamwoon? Huil ons oor die baie dronk mense in ons parke en langs ons damme? Huil ons oor die baie egskeidings in ons land? Huil ons oor ons aborsies en die moord van ongebore kinders? Of gaan hierdie dinge maar net by ons verby en glo ons soos Israel van ouds dat die Here hierdie dinge nie raaksien nie? Die groot gevaar is dat ons nie net apaties staan teenoor hierdie dinge nie maar dat ons dit aktief ondersteun soos wanneer ons vir 'n politieke party stem wat hierdie dinge in die parlement bevorder. **Hoeveel van ons sal vandag 'n merk op ons voorhoof kan ontvang oor dit waaroor ons huil, kla en sug?**

**Nataniël: God het gegee.**

Die woord **heer** kan die volgende beteken:

*Man van aansien, meester, gebieders en vors.*

Verder dui Heer ook op:

*God, die Almagtige.*

Samestellings waarin die woord *heer* voorkom is onder andere die volgende:

*Heerbaan (grootpad), heerboontjie (suikerboontjie), heerleër (leërmag), heerlik (pragtig, voortreflik), heerlikheid (voortreflikheid, vreugde), heers (regeer, heerskappy voer, aanwesig wees, van krag wees), heersend (eersugtig, geldend), heersers (regeerder, bestuurder), heerskaar ( groot menigte, leërbende), heerskap (meneer), heerskappy (mag, gesag).*

Vir ons is die gangbare gebruik van *Heer* of *Here* gewoonlik vir God, die Almagtige, maar ook vir Jesus, ons Here.

Wanneer na al die betekenis om die woord *Heer* gekyk word, gee dit vir ons 'n nietige aanduiding van wat ons met die woord bedoel, wanneer ons dit vir ons Here gebruik. Kom ons lig net so 'n paar van hierdie betekenis uit wanneer ons Hom Heer noem:

Hy, die Here, is vir ons 'n God van *Aansien*,

Hy is ons *Meester*,

Hy is die *Gebieder* van nasies en van wat gebeur,

Hy is die Ewige *Vors*,

Hy is die *Almagtige*,

Hy is die *Heer van die Heerleër*,

Hy is *heerlik*,

Hy het al die *heerlikheid*,

Hy *heers* oor alles,

Hy voer *heerskappy*,

Hy is die *alom, altyd teenwoordige*,

Hy is die *almagtige*,

Hy is die *heerser, die regeerder, die bestuurder*,

Hy *heers* oor die *heerskaar* met *mag* en *gesag*,

Hy *beheer* en Hy bestuur.

**Hy is ons HERE!**

**Netanja: Die Here het gegee.**

Wanneer jy dikwels in God se teenwoordigheid verkeer, kan jy verwag dat iets van Sy heiligheid ook jou deel sal begin word. Is dit moontlik dat jou hande, in die opsteek daarvan na die Vader, ook vir dienslewering geheilig word? Die heiliges van ouds het dikwels in aanbidding voor die Vader kom lê. So het moderne gelowiges ook soms die behoefte om met 'n fisiese houding aan die Vader eerbied en respek te betoon. Sommige mense doen dit deur op te staan, ander deur hulle hande saam te vou, ander deur te kniel en nog ander deur hulle hande op te steek. Kom ons kyk na 'n paar betekenis wat die opsteek van die hande vir gelowige mense kan beteken:

1. Wanneer ek my hande in die lug opsteek om Hom te vereer, plaas ek simbolies Hom bo alles wat ek is. Ek verhoog hom.
2. Wanneer my hande bo my kop opgelig word, mag ek voel dat ek Hom bo my verstand plaas. So kan dit vir die betrokke gelowig voel of hy God bo sy rasionele vermoëns plaas. Hande- en hartstaal kan dan miskien meer as woorde sê.
3. Hande kan gebruik word om iets te bring, iets aan te bied. Wanneer ek my hande na Hom toe uitsteek kan dit beteken dat ek myself, in diepe afhanklikheid, vir Hom aanbied.

4. My uitgestrekte hande kan dui op die lof wat ek vir Hom aanbied. Net Hy is, al die eer en lof wat ek kan bring, waardig.
5. My leë hande wat opgesteek word is oop vir genade wat ek van Hom verwag. Ek stel myself in 'n ondergeskikte posisie. Ek is afhanklik van Hom en wil graag ontvang wat Hy vir my wil gee.
6. Wanneer ek my hande op 'n horisontale vlak na my medemens uitsteek wil ek groet en wil ek kontak maak. So wil ek in eerbied my Vader groet en met Hom kontak maak wanneer ek my hande na Hom toe verhef.
7. Wanneer ek in 'n put van vertwyfeling sit, moedeloos deur die lewe in die modderige slyk ingedruk, kan ek waag om my hande na Hom toe uit te steek. Ek mag die verwagting koester dat Hy my uit die modderige slyk uit sal optrek.
8. Soos 'n klein kindjie sy hand na sy vader se hand toe opsteek, kan die gelowige ook waag om met kinderlike vertrouwe sy hand na sy Hemelse Vader se hand toe op te steek.
9. Die oop hand na bo kan ook die versugting van die moeë mens aandui wat met leë hande na sy Vader toe kom sonder enige verdienste van sy kant af.
10. God se Hand van guns en genade is na ons toe uitgesteek. In die opsteek van hande kan ons simbolies Sy hand van guns en genade vat.

11. Ons kan getuig van Sy hulp vir ons wanneer ons ons hand opsteek. So baie mense antwoord die vraag van hoe is dit moontlik deur na Bo te wys?
12. Die pragtige woord *Jadah* kan onder andere daarop dui om jou hande in dankbaarheid na God toe op te gooi.
13. Wanneer jy jou hande in die lug opsteek, kan jy reeds nou iets ervaar van ‘n opswaef die lug in, Jesus tegemoet, soos ons verwag dit in die toekoms sal wees.
14. *Hands up!* Wie van ons ken nie die uitdrukking nie? So kan die gelowige in die opsteek van die hande oorgee aan God en hom aan God onderwerp. Die mens hoef dan nie meer te veg vir homself nie. Hy kan God se gesag oor hom aanvaar. Iets van die sondaar en oortreder wat met geregtigheid gekonfronteer word, word hierin teruggevind.
15. Wanneer ‘n mens in God se Heilige teenwoordigheid kom kan Sy teenwoordigheid so oorweldigend wees dat jy in die opsteek van die hande iets ervaar van te skuil agter die hande, of jy die ligglans van Sy teenwoordigheid wil versag en jou agter jou hande verskans.
16. Wanneer jy jou hande opsteek na God toe mag jy dalk iets van Jesus se kruisiging ervaar. Ook Sy hande was opgesteek en vasgeslaan aan ‘n stuk hout. So mag ons iets van ons Here se kruisiging ervaar, wanneer ons ons hande opsteek na Bo. Iets daarvan mag ons herinner aan Jesus

se opdrag dat ons onself moet verloën, ons kruis moet opneem en Hom moet volg.

17. Elke keer as die prediker sy hande van seën oor die gemeente uitstrek mag die gelowige geseënde, wat die seën ontvang, iets van Jesus se seënende, deurboorde hande raaksien. Ook so mag die gelowige dalk ander seën met uitgestrekte hande, om ook hulle, te herinner aan Jesus se deurboorde hande.

**Indien daar potensieel soveel seën in die opsteek van hande is, wonder 'n mens waarom daar so min hiervan in ons kerke gesien word.**

**Noadja: Die Here bring bymekaar.**

Daar bestaan hoofsaaklik vyf vlakke van kommunikasie. Kom ons kyk kortliks na elkeen. Dit is ook moontlik om die vlak van ons kommunikasie, met ons Skepper, hieraan te meet.

**Vlak Een: Cliché gesprekke**

Dit is die heel basiese vlak van kommunikasie. Ons sê nie eintlik iets nie en probeer maar net ordentlik met die ander persoon wees. So 'n gesprek mag soos volg klink: *Goeie môre, Hoe gaan dit, Dit gaan goed, Lekker dag, Hallo en Totsiens.*

Soms verval ons gesprekke met God ook in Cliches soos die volgende: *Gee my Here, Vergewe my, Red my familie, Seën die kos wat ons eet, Amen,* sonder dat die persoon wat so bid bedoel wat hy of sy sê.

**Vlak Twee: Die noem van Feite**

Hierdie is 'n ietwat dieper vorm van kommunikasie. Mans is gewoonlik baie gemaklik met hierdie tipe van kommunikasie. Feite word met vriende uitgeruil oor sport, politiek en motors. So 'n tipe kommunikasie kan iets wees soos : *Ek lees dat 'n sekere politikus volgende jaar oorsee gaan om ons land in 'n beter lig te probeer te stel.*

Hierdie tipe gesprek met God sal dalk soos volg kan klink: *Ek benodig 'n*



*motor Here. U weet dat ek my tiende vir U gee. Ek is siek Here. Ek het gesondig Here.*

### **Derde vlak van Kommunikasie: Om te sê wat jy dink.**

Nou begin die kommunikasie regtig verdiep. Jy begin iets van jouself openbaar in die uitspraak van wat jy dink. Nie alleen is hierdie kommunikasie meer bevredigend nie, maar dit raak ook meer riskant, aangesien jou toehoorder van jou mag verskil. 'n Voorbeeld van hierdie tipe kommunikasie is die volgende: *Ek lees dat 'n sekere politikus volgende jaar oorsee gaan om ons land in 'n beter lig te probeer stel. Ek **dink** hy is besig om die belastingbetalers se geld te mors.* In ons gesprek met God kan hierdie tipe gesprek soos volg klink: *Here, ek gee my tiende vir U, ek is seker U sal U my daarvoor seën. Ek dink ek het nou genoeg gely, Here, dit is tyd dat ek genees word. Here, homoseksualiteit, saamwoon en aborsie is mos reg?*

### **Vierde vlak van Kommunikasie: Wat ons voel.**

Wanneer ons, ons gevoelens begin deel in ons kommunikasie, begin die kommunikasie regtig diep en sinvol raak. Vrouens is oor die algemeen beter in staat om hulle gevoelens uit te druk en mans skram dikwels weg van gevoelens af. Die vrou sal maklik vir jou sê dat haar man nie met haar praat nie terwyl hy dit hewig sal ontken. Wat sy bedoel het, is dat hy nie sy gevoelens met haar deel nie. 'n Voorbeeld van hierdie tipe gesprek is die volgende: *Ek lees dat 'n sekere politikus volgende jaar oorsee gaan om ons land in 'n beter lig te probeer stel.*

*Ek dink hy mors die belastingbetalers se geld. Weet jy wat? Dit maak my baie kwaad.* Die gevaar van kommunikasie op hierdie vlak is dat jy jou diepste innerlike vir die ander persoon begin ontbloot. Dit maak die moontlikheid dat jy kan seerkry soveel groter. Jy kan alleen op hierdie vlak van kommunikasie beweeg indien jy die ander persoon vertrou. Met God sal so 'n gesprek die volgende kan wees: *Ek is baie lief vir U Here. Ek het U so dringend nodig in my lewe. Ek kan niks sonder U doen nie. Kom gou Here.*

### **Vyfde vlak van kommunikasie: Sonder woorde.**

Slegs mense wat baie nou verbind aan mekaar is, wat mekaar baie goed ken, vir mekaar lief is, kan op hierdie woordelose vlak met mekaar kommunikeer. Jy weet van die ander een. Jy geniet dit om saam met die ander een te wees al sê julle niks vir mekaar nie. Dit is nie 'n ongemaklike stilte nie, maar 'n diepe geestelike ervaring van die ander persoon se teenwoordigheid. Sulke kommunikasie is hoogs bevredigend.

Met God sal kommunikasie op hierdie vlak beteken dat jy stil by jou Hemelse Vader se voete sit. Dat jy stil van Hom geniet al word daar nie gepraat nie. Net om in Sy teenwoordigheid te wees sal genoeg wees. Sy Heilige Teenwoordigheid sal woorde oorbodig maak.

**Obadja: Knege van die Here.**

God het die mens goed en heilig vir Homself geskep. Hy het in die mens die moontlikheid ingeskep om tussen goed en kwaad te kan kies. Hy het die mens so van al die ander dele van Sy skepping onderskei. Die mens is in 'n perfekte sondelose omgewing geplaas. God kon uit die hemel na die paradys op aarde neerdaal en daar van Sy perfekte skepping geniet. Alles was tot Sy eer.

**Toe kom die sondeval.**

Sedertdien, tot vandag, en tot by die voleinding van die aardse tydsvlak word die geskiedenis, van die mens op die aarde geskryf. Hierdie geskiedenis is 'n weergawe van die mens se herstel van sonde en die terugkeer na perfektheid toe, soos God die mens bedoel het om te wees.

God kan nie anders as Goed, Absoluut Regverdig, Heilig en Sondeloos wees nie. Vir die mens, om by God te kan wees, sal die mens na sy oorspronklike staat van sondeloosheid, herstel moet word. Niks van die mens se sondige gebrokenheid, sy onreg en vuilheid sal in God se teenwoordigheid geduld word nie. Die mens sal net nooit goed genoeg kan word om sondeloos voor God te staan nie. God het egter in Sy wonderlike almag en alwetenheid, 'n plan vir die mens se redding gemaak. Die mens sou eers moes sterf. Die mens se selfgees sou met GodsGees vervang moet word. Die mens se siel sou nuut gemaak moes word. Hy sou

hiervoor nuwe denke, nuwe emosies en 'n nuwe wil ontvang. Sy denke sou dan op God en nie meer op homself gerig wees nie. Dit wat vir die mens vreugde verskaf het, sal nou met vreugde, liefde en vrede, die vrug van die Gees, vervang word. Die mens se wil sou met God se wil vervang word. Ook die mens se liggaam sou nuut gemaak word. Daarvoor sou die ou menslike liggaam sterf en met 'n nuwe liggaam, 'n opstandingsliggaam, vervang word. In kort die mens sou weer gebore word; 'n proses wat reeds in hierdie lewe begin maar eintlik eers by Jesus se wederkoms voltrek word. Ons kan nou reeds, soos die geloofshelde van Hebreërs 11, dit wat belowe is, in die verte begin sien.

Die herstelproses van die mens is onderweg. Weliswaar sal die herstelproses in die wêreld besoedel word. Ons leef immers tussen sondaars, in 'n gebroke sondedeurdrenkte wêreld. Daarom het God hierdie wonderplan, van die voortdurende redding deur Jesus se bloed, vir ons gemaak. Solank ons in geloof aan die reddende genade van Jesus vashou, solank bly ons vrygemaak van sonde. Jesus is die sleutel wat die tronkdeure van die helse sondegevangenis oopsluit. Jesus maak nie net ons nuut en oor nie. Hy gaan ook die wêreld oormak. Soos die mens moet sterf om met heerlijkheid oordek te kan word, sal die aarde ook met vuur verwoes word, voordat die Nuwe Jerusalem uit die hemel sal neerdaal. Die vuur van pyn wat deur Jesus se liggaam gewoed het aan die kruis, is die voltrekking van alle aardse offerandes wat in vuur verbrand is. So sal die aarde ook in vuur geoffer word, in navolging van Jesus se offer aan die kruis.

So word alles in perfektheid herstel, na die oorspronklike toestand wat God vir Sy skepping bedoel het. Die satan het die reggekry om God se plan met 6000 jaar te vertraag of te onderbreek. Vir God was die menslike geskiedenis op die aarde die laaste 6000 jaar net 'n gedagte, 'n uiters kort tydjie, vir Hom wat heers oor tyd en dimensies. Dit wat die mens so oorweldig, die aardse bestaan van die mens, is vir God 'n kort tussenspel.

In sekere opsigte is die lewe van Job amper soos die menslike geskiedenis. Eers was Job goed en het hy bykans in perfektheid gelewe. God het hom immers as voorbeeld aan satan voorgehou. Toe het satan alles wat goed en mooi in Job se lewe was kom wegneem totdat Job heeltemal aan homself gesterf het. Toe kon Job alles aan God oorgegee en in God se wil vir hom berus. God het toe gekom en alles weer nuut en goed in Job se lewe kom maak. Job se einde was toe beter as sy begin. In sy ashoopbestaan het hy alles verloor, voordat hy deur God in perfekte omstandighede herstel is.

Die menslike geskiedenis is die verhaal van die herstel van die mens van sondeval na perfektheid toe. So sal die menslike geskiedenis spoedig voltrek wees. Dan sal die mens weer met God kan wandel, God kan eer, deel van Sy koninkryk kan wees en alles volgens God se wil kan doen.

**Maranata**

**Otniël: My sterkte is God.**

Die mens is in 'n helse kringloop vasgevang. Hierdie kringloop begin by satan se opstand teen God en satan se poging om soos God te wil wees. Dit word voortgesit in die val van die mens, toe die mens soos God wou wees, deur die valse belofte van satan dat die mens alles kan ken, te glo. In die proses het satan by die mens 'n selfbewustheid geskep. Nie net 'n selfbewustheid nie, maar ook 'n selfliefde, 'n sug na die self en die begeerte om die self te handhaaf en te verheerlik. So het die mens se stryd om sy eie god te wees net meer momentum gekry. In sy selfsug het hy sy liefde vir ander mense verloor, want alles het net om homself begin draai. In die vergoddeliking van homself het die mens ook sy eie geregtigheid begin ontdek. Hy het begin glo dat hy uit homself kan goed wees en dat hy iets beter, as net hierdie lewe, uit sy eie pogings kan verdien. Hy het begin glo dat hy homself kan red. In hierdie vertrouwe op homself is wantroue in God gebore en veral in God se vermoë om reg en geregtigheid te laat geskied. Nee, die mens sou self reg en geregtigheid hanteer sonder God. Hy sou sommer self straf en oordeel, ook oor ander. In hierdie proses is sy onvergewensgesindheid gebore. Die mens het God nie meer vertrou om te oordeel en te straf nie. Die mens sou self besluit oor wanneer genoeg geoordeel en gestraf is. Hy is mos sy eie god. Uit hierdie onvergewensgesindheid is kritiek en oordeel oor ander gebore. Uit die kritiek en oordeel van die mens kom haat en

uiteindelik moord. So word kritiek net verbloemde haat en moord. Uit hierdie gevalle toestand is daar net een eindpunt vir die gevalle mens en dit is die hel. So is die helse kringloop van satan voltooi, en het hy baie mense saam met hom weggevoer na die poel van swael en vuur.

### **Is dit moontlik om hierdie siklus te breek?**

Nee, die vraag is verkeerd; **hoe is die siklus verbreek?**

Ons weet dat Jesus hierdie siklus met sy eie goedheid deurbreek het. Hy het ingegryp en die verlore mens tot sondebeseft gebring, met ander woorde tot die verloëning van sy eie vermoë om homself te red. Hierna kon die selfgod gekruisig word en die kruis van Jesus kon in die plek van selfregverdiging en eie verdienste aanvaar word, as die weg tot redding van die mens van homself.

Om hierdie stryd tussen die goed en sleg beter te verstaan, is dit nodig om kennis te neem van die werklikheid waarbinne die mens leef. Een deel van die werklikheid is die wêreld soos die mens dit deur sy sintuie ervaar. Hierdie is maar 'n klein deeltjie van die werklikheid waarbinne die mens leef. Versluit vir sy sintuiglike oog is die geesteswêreld om hom. Hier word die werklike stryd gevoer. Satan is deur Jesus oorwin maar hy het geensins gaan lê nie. Sy stryd is om soveel as moontlik mense saam met hom hel toe te neem. Hiervoor gebruik hy al sy mag, verleiding en span hy die skare van demone en bose geeste in.

**Pagiël: God is my lot.**

Jesus sê: *Bly in my soos Ek in julle (Joh.6:56).*

Jesus sê: *Bid so: Onse Vader (Mat. 6:9)*

Jesus sê: *Kyk Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld (Mat. 28:20).*

Wanneer jy jou oë in gebed sluit, word jy verplaas na 'n beleving van jou posisie *in Hom*. Jy kom in die gebed ook in 'n intieme posisie waar jy met God *Ons Vader* persoonlik praat. Jy weet ook in gebed, in gesprek met God, dat Hy *met jou* is, by jou is.

In gebed is jy dus in Hom, in 'n intieme verhouding met Hom en is jy intens bewus van Hom.

In gebed beleef jy dus iets van die Hemel, van God se teenwoordigheid.

Dit is soos wanneer jy in die teenwoordigheid van 'n baie belangrike persoon nie eintlik bewus is van jou verhouding met minder belangrike persone nie. Dit sal wees soos wanneer jy die Staatspresident ontmoet en jou vrou staan langs jou, en jy nie eintlik van haar bewus is vir daardie oomblikke nie. So is dit in die hemel van gebed; God se Goddelike teenwoordigheid, Sy absolute liefde, Sy totale vergifnis, Sy oorweldigende heiligheid, Sy goedheid, neem jou hele wese so in beslag dat jy nie van minder belangrike verhoudings soos met jou vader, moeder, vrou of kind bewus is nie. Eintlik sal jou verhouding met jou geestelike boeties



en sussies ook swaarder weeg as jou verhouding met jou bloedfamilie, soos Jesus self verklaar het ten opsigte van Sy moeder en broers (Mat.12:50). Hierdie ervaring sal dan ook as voorsmaak dien van hoe dit eendag in die hemel ten opsigte van ons geliefdes sal wees.

Jy sal ook in gebed, wanneer die hemellewe so 'n skrefie vir jou oopgetrek word, iets van die heiligheid van die hemel ervaar. Daar is geen haat, geen sonde, geen onvergifnis, geen vloeke, niks wat jou sal aftrek van hierdie perfekte verhouding met God nie. Daar is geen sport, geen selfgerigte plesier, geen eie ekkerigheid nie, geen siekte, geen dood, geen oneerlikheid nie, geen onegtheid nie, geen pyn nie, geen verwerping nie. Nee, daar is net hemelse heerlikheid, onbeskryflik, vol goedheid, liefde, liefdevolle aanvaarding, ewige lewe, geluksaligheid, reinheid en bo alles Goddelike teenwoordigheid.

Om te dink die hemel van God se teenwoordigheid is nou, vir elkeen van ons wat glo, vir solank ons dit verkies, beskikbaar. Al wat jy moet doen om nou al reeds iets daarvan te ervaar, is om jou oë in gebed te sluit en vir 'n wyle uit hierdie dimensie, die hemelse dimensie te betree.

**Paltiël: My redding is die Here.**

Sê nou maar jy sterf vandag. Is jy seker jy sal in die hemel ontvang word? Of twyfel jy so 'n bietjie?

Indien jy 100% seker is dat jy in die hemel sal wees indien jy vandag sou sterf, sal jy rustig wees. God se vrede sal in jou wees. Jy sal selfs kan uitsien dat Hy jou moet kom haal.

Weet dit: **God se Gees is nou besig om met jou te praat.** Hy wil jou onsekerheid gebruik om jou te red. Moenie ophou lees nie. Hoor wat Die Gees vir jou wil sê:

*Indien jy met jouself eerlik wil wees sal jy weet dat daar verkeerde dinge in jou lewe is. Wees net eerlik met jouself. Dink 'n bietjie oor jou lewe. Laat My toe om sekere van die verkeerde dinge in jou lewe vir jou uit te wys. Moenie dit ontken nie. Dink veral aan jou geheime sondes. Dit wat jy dink ander mense nie van jou weet nie. Onthou voor God is jy soos deursigtige glas. Op hierdie oomblik lees God jou gedagtes. Hy weet alles van jou af. Hy sien jou verkeerde begeertes, jou oneerlikheid, jou valsheid, hoe jy jouself beter probeer voordoen as wat jy regtig is. Hy sien die dinge waarna jy in die geheim kyk. Hy weet van al jou meerderwaardigheid, hoogmoed en trots. Moenie wegsteek nie. Dink oor al die dinge wat nie reg in jou lewe is nie; wat jy dink, voel, sê en doen en ook al die*

*goeie dinge wat jy versuim om te doen. Dink aan al die persone wat jy nog nie van harte vergewe het nie.*

Indien jy met jouself eerlik was tot op hierdie punt sal jy weet dat jou lewe voor God nie reg is nie. Indien jy vandag sou sterf sou jy direk in die hel beland het. Dit is verseker.

Daar is 'n oplossing vir jou dilemma. **Jy kan nog uit die hel ontsnap.** Luister nou mooi en doen presies wat ek vir jou sê.

**God se oplossing vir jou probleem is Jesus, Sy Seun.** *God het besluit dat Jesus vir al jou sondes, verkeerde gedagtes, woorde, dade, ja, al die versuim om goed te doen, moet boet. Ja Iemand anders is in jou plek vir alles wat jy verkeerd gedoen het, gestraf. Jesus het reeds 2000 jaar gelede, op Golgota buite Jerusalem, helse pyne, vernedering, spot, verwerping, dors, geselhoue, kruisiging en die dood in jou plek deurgemaak. **Stop net 'n oomblik.** Dink hieroor na. Jy het nie meer nodig om vir al jou verkeerde dinge in die hel gestraf te word nie. Jesus, God se Seun, is reeds in jou plek gestraf. Jesus het in jou plek die helse smarte deurgemaak. Nadat Jesus genoeg, in jou plek gestraf is, het God Jesus weer lewendig gemaak. Jesus is toe terug na Sy Vader toe want Sy werk hier op aarde was klaar. Nou sit Hy langs Sy Vader. Elke keer wanneer jy agterkom dat jy iets verkeerd gedoen het, kan jy na Jesus toe kom in gebed en vir Hom sê dat jy jammer is. **Omdat Jesus so lief is vir jou sal Hy dan na Sy Vader toe draai en sê: “Onthou Vader, Ek het reeds vir hierdie sondes van hierdie man of vrou***

*gely. Ek is reeds in Sy of haar plek vir daardie sonde gestraf. Vergewe hom of haar asseblief.”*

Wat bly nou nog oor om seker te wees dat jy vandag in die hemel kan wees?

**Daar is net een ding.**

Het jy gesien hoe ontvang ‘n klein kindjie ‘n geskenkie wat vir hom gegee word.

Hy aanvaar dit. Hy vat dit. Hy weet dit is syne. Hy twyfel nie vir ‘n oomblik dat die geskenk vir hom bedoel is nie. Dadelik word die geskenk sy eiendom.

Kom nou ou klein mensie. **Kom vat die genade wat God vir jou gee.** Aanvaar die vergifnis van al jou sondes. Weet dat Jesus reeds daarvoor gestraf is.

10 Augustus

## Herlewing

Parakleet: Advokaat,

*Voorspraak, Trooster.*

Indien jy gereeld in die kerk kom sal jy saamstem dat daar vandag baie oor herlewing gepraat word en dat daar baie vir herlewing gebid word.

Ons sien egter min herlewing in hierdie selfde kerke waar daar so ywerig vir herlewing gebid word. 'n Mens wonder waarom dit so is.

Kan dit wees dat van die volgende redes daarvoor bestaan?

1. Was daar ooit in die geskiedenis herlewing onder **ryk mense**?
2. Was daar ooit in die geskiedenis herlewing onder **geleerde mense**?
3. Was daar ooit herlewing onder mense wat **onafhanklik** van God hulle eie ding wil doen?
4. Was daar ooit herlewing onder mense wat **afgode** aanbid het? Afgode soos om goed te lyk in die oë van ander mense, die sportgod, afgode soos om self iets en iemand te wees, die ontspanningsgod, die gerieflikheidsgod, die geldgod en die kindergod. Is jou kinders vir jou belangriker as God? Sal jy die risiko loop om jou kind te vervreem as hy of sy in 'n saamwoonverhouding volhard en jy hom of haar moet tereg wys?

5. Was daar ooit herlewing onder mense wat **kennis en verstandelike** bekwaamheid bo alles gestel het? Was daar ooit herlewing wat by professore begin het?

6. Is herlewing nie dikwels onder mense wat **ly** nie? Mense wat **swaarkry**, mense wat **arm** is, mense wat **afhanklik** is, mense wat **nederig** is, mense wat nie op **hulleself vertrou** nie?

Indien dit waar is moet die mense wat vir herlewing bid versigtig wees. God mag dalk net hulle gebede verhoor en hulle deur lyding, pyn armoede en ellende gereed maak vir herlewing.

*Lees gerus van die modelgemeente van Smirna in Openbaring 2:8.*

*11 Augustus*

## **Het God jou lief?**

### **Pater Noster: Onse Vader.**

Sommige van ons het goeie ouers gehad, maar vanweë tradisies het die ouers nooit hulle liefde vir ons openlik verklaar nie, ons nooit drukkies gegee nie en nie werklik gewys dat hulle vir ons lief is nie. Later in ons lewens het ons met ons Hemelse Vader se liefde te doen gekry. Soms is dit moeilik om die konsep van 'n liefdevolle Vader te aanvaar indien jy nie 'n liefdevolle aardse vader gehad het nie. Dit is dan wanneer 'n mens soms twyfel of God jou werklik lief het. Met jou verstand kan jy dit glo en aanvaar maar dikwels is daar nie werklik emosie by betrokke nie. Dit is dan moeilik om te glo dat God werklik lief vir jou is. Dit het ook so met die ou oom gebeur. Hy het probeer glo dat hy vir God lief is, maar hy het geweet dat liefde nie uit 'n mens kom nie, en dat 'n mens net kan liefhê omdat God hom eerste liefgehad het. Indien hy dus nie werklik God se liefde vir hom kan aanvaar nie sou dit bitter moeilik wees om God bo alles lief te hê en sy naaste soos homself lief te hê. So het hy na God toe gegaan en sy probleem voor God gelê en God gevra om hom te oortuig, diep in sy hart, dat God vir hom lief is. Op 'n wonderbaarlike manier het God sy gebed verhoor. Die eerste Sondag na sy versoek aan God het God in die erediens aan sy versoek voldoen. Die eerste wat gebeur het is dat die dame wat die sang lei gesê het dat sy gelei voel om Psalm 117 met die gemeente te deel. Psalm 117 het net 2 versies en die kern van hierdie psalm is die volgende:

*Prys die Here, alle nasies*

***Loof Hom alle volke,***

***Want Sy liefde vir ons is sterk,***

Die prediker het toe begin preek en het 'n paar kinders vorentoe geroep en iets met hulle te bespreek. Hierna het die kinders na die gemeente toe gekom en by elke eerste persoon in die bank 'n boodskap afgegee en gevra dat die boodskap in die ry aangegee moet word. Die ou oom kon sy ore nie glo nie toe die persoon langs hom oorbuig en in sy oor fluister:

***Die Here is lief vir jou.***

In die ou oom se stiltetyd het God weer Sy liefde bevestig in die volgende aangrypende woorde in Openbaring 5:9

*U is waardig ----- omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het.*

**As dit nie liefde is nie wat is dan liefde?**



12 Augustus

## Hier volg die nuus (1)

### Pedaja: *Die Here het gered.*

Wanneer sal die dag aanbreek dat 'n Christen 'n Christelike nuusbuletin sal kan hoor? Dalk sal daar eendag iets soos die volgende uitgesaai word: *Hier volg die nuus vir Christene vanaf Radio Goeie Nuus:*

*Ons wil die luisteraars net weer herinner aan die kriteria waaraan ons nuus moet voldoen:*

*Dit moet **waar** wees*

*Dit moet **edel en eerbaar** wees*

*Dit moet **reg en geregtigheid** weerspieël*

*Dit moet dinge wat **rein** is onder die luisteraars se aandag bring*

*Dit moet oor **mooi dinge** handel*

*Dit moet die toets van **prysenswaardigheid** deurstaan*

*Dit moet **lofwaardig** wees met ander woorde dit moet lof aan God bring*

*Dit moet oor **deugde** handel en nie ondeugde soos misdad nie.*

*Die luisteraars sal sekerlik in hierdie kriteria Filippense 4: 8 herken. Nouja, noudat ons ons etos bekend gemaak het kan ons na ons nuusbuletin kyk:*

1. *President Mohammed van Middeoosterse Land het by 'n samekoms van Moslem leiers verklaar dat goed gevorder word met die Alliansie van Nasies, wie se uitsluitlike doel sal wees om Israel te vernietig. Soos so vele ander uitsprake, wat toenemend in die laaste tyd gemaak word, herinner hierdie gebeurtenis ons daaraan dat die koms van Jesus om die draai is.*
2. *Daar was weer talle groot aardbewings in verskillende plekke oor die wêreld. Die insidensie van Aardbewings is tans besig om geweldig toe te neem. Ook dit maak ons opgewonde oor die spoedige terugkeer van Jesus.*
3. *Sewentig Christene is in Moslemland onthoof omdat hulle geweier het om die boodskap van Jesus net vir hulleself te hou en dit vir ander mense vertel het. Daar het ook heelwat ander berigte van martelare uit Ander Moslemland ingekom.*
4. *In Heidenstad het daar verlede Sondag 300 mense tot bekering gekom. Direk na hierdie wonderlike gebeurtenis is die kerk waarin hulle tot bekering gekom het deur teenstanders van die Boodskap afgebrand.*
5. *Ook hier plaaslik, het Evangelis So en So gesê dat ons nie hierdie dinge wat in die wêreld gebeur vryspring nie. In Dorp in Provinsie het teenstanders van die Evangelie 'n groot "Rock Festival" gehou waarin openlik met Jesus gespot is. Gelowiges in hierdie dorp het ernstig gebid*

*en dit is bekend dat daar ten minste 70 van hierdie spotters onlangs tot bekering gekom het.*

6. *'n Groot opelug byeenkoms is tot eer van God in Stad gehou. Dit was 'n wonderlike geleentheid. Daar het 60, 000 mense vir die geleentheid opgedaag en groot lof is vir Koning Jesus gebring.*
7. *Die Bybelvertalers het bekendgemaak dat daar tans aan die laaste 10 tale se vertaling gewerk word. Hulle reken teen die einde van die jaar sal God se opdrag, om die Woord aan alle mense bekend te maak, afgehandel wees.*
8. *Ons sluit hierdie Christelike Nuusbulletin af met die laaste brokkie goeie nuus naamlik dat die martelare wat in die Houers (Containers) vir 40 dae toegesluit was, nou vrygelaat is. Hulle het tot eer van God gesing toe hulle uitgelei is.*

*Ons volgende nuusbulletin is DV om 7 nm. indien ons Here ons dan nog nie kom haal het nie.*

13 Augustus

## Hier volg die nuus (2)

### Pedasur: God, rots, het gered.

Wat 'n heerlike verrassing sou dit nie gewees het indien ons die radio kon aanskakel en die volgende nuus kon gehoor het nie:

*Hier volg die nuus vir Christene:*

*Die Christene neem teen so'n geweldige tempo toe dat daar na verwagting in 2020 ongeveer 50% van Brasilië se inwoners Christene sal wees. Na verwagting sal die Christene in Brasilië teen die einde van 2011 die 57 miljoen kerf oorsteek. **Die werklike nuus het egter so geklink:***

- 1. 'n Egpaar op 'n sendingmissie is die afgelope maand deur seerowers gekeer toe die egpaar langs die kus van Somalië probeer verbyvaar het. Jean en Scott Adam is in die insident noodlottig gewond. So is die sendingpoging gestuit.*
- 2. Die plaaslike verkiesing het op 'n minder goeie noot begin toe President Jacob Zuma skynbaar aan 'n ANC saamtrek in die Ooskaap gesê het: " om vir die ANC te stem is om die hemel te verkies en om vir die opposisie te stem is om die hel te kies".*
- 3. Hollywood is tans op 'n sending om jong meisies te seksualiseer.*

4. *Daar het weer verskeie van die Christene wat in die sogenaamde Containers aangehou word gister gesterf. In Kenia is dit tans 'n algemene neiging om tot 40 mense, wat bereid is om te erken dat hulle Christene is, in Containers op te sluit sonder water en voedsel, in die versengende son.*

Hierdie is enkele nuuswaardighede wat lukraak geneem is. Daar is elke dag 'n magdom nuus wat Christene sal interesseer. Die nuus word egter selde indien ooit gehoor. Christene sal tog graag wil hoor wat vandag in die wêreld gebeur het wat sy Christenskap raak. So sal daar graag geluister wil word na wat in die wêreld gebeur het om Jesus te verhoog, hoe Sy Naam eer ontvang het, hoe Sy koninkryk vandag uitgebrei het, hoe God Sy wil in mense se lewens openbaar en hoe mense gebaat het toe hulle God se wil gedoen het. Ons as gelowiges sal ook graag wil hoor van hoe ons medebroers en susters vandag iewers in die wêreld gely het, sodat ons vir hulle kan bid. Ons sal ook graag van hongersnood en ellendes van medechristene wil verneem sodat ons ook vir hulle kan help. Ons sal ook graag wil verneem wat vandag in die wêreld gebeur het wat daarop dui dat Jesus se koms naby is.

Hierteenoor vind ons die sekulêre nuus op elke nuuskanaal bykans elke uur van die dag. Die gelowiges is soos skape wat ter slagting gelei word. Sonder om te kla, luister hulle maar geduldig na al die gemors wat in die wêreld gebeur. Dit is

asof satan die tegniek van die kommuniste in tronke herhaal en glo dat indien die leuens en gemors van die wêreld genoeg herhaal word, die mens dit sal glo en daarvolgens sal begin leef. Die indirekte boodskap wat deur die oormatige nuusdekking uitgedra word, is dat dit waaroor berig word, die belangrikste is, dit van die grootste nuusbelang is, dit is wat die mens moet weet, dit is wat belangrik is ens. So word die leuen van satan oorbevestig. Die sekulêre wêreld skreeu aanmekaar uit wat in 'n wêreld, sonder God, besig is om te gebeur. Die vals persepsie, ten opsigte van die onbelangrikheid van God, word aanhoudend oor die wêreld uitgedra. Hierdie kragtige oorbeklemtoning van sekulêre nuus is so kragtig en gewoontevormend dat baie mense daaraan verslaaf raak. So word mense geleer om God in die alledaagse te misken. Dit is asof daar ander magte is, asof God nie in beheer is nie. Geen erkenning word gegee aan die God wat die lotgevalle van nasies bestuur nie. Daar is geen gedagte aan Hom wat alles gemaak het en in stand hou nie. Nee, die mens word voorgestel asof hy in totale beheer van sake is. Die wesentlike, dit waaroor alles gaan, die kortstondige bestaan van die mens hier op aarde en sy spoedige verhuising na die ewigheid, word ontken en weggeswyg. Dit is asof satan die mens laat glo dat die werklikheid sal verdwyn indien dit doodgeswyg word. Die ontsettende tempo waarteen die huidige bedeling ten einde spoed, word deur die oormatige klem op niksbeduidende feite, uit die mens se leef- en denkwêreld weggeneem. God se werklikheid word as 'n storiëtjie afgemaak.

Wat het geword van die Bybelse opdrag: *Hou Hom voor oë*? Waarop fokus die moderne mens? Is dit op God en Sy voorsiening of die gemors wat orals in die wêreld besig is om plaas te vind. Dit is dan ook geen wonder nie dat die moderne mens vol bekommernis, stres, ongelukkigheid en onsekerheid is. Dink aan Petrus. Toe hy vir Jesus voor oë gehou het, kon hy op onstuimige golwe loop (Mat. 14:22). Toe hy op sy omstandighede begin fokus het, het hy begin sink, net soos die moderne mens besig is om te sink. Die gelykenis van die saad wat tussen dorings en onkruid geval het en deur die onkruid verswelg is, spreek ook hierdie probleem aan (Mat. 13:24). Soos Jesus self hierdie gelykenis verklaar het, dui die gelykenis op die mens wat deur die sorge van die lewe en bekommernis oorweldig word. So kan Sy woord, as saad in ons lewens, ook nie groei nie. Dit wil sê, indien ons verkies om, in ongehoorsaamheid, op die nuuswaardige van die dag te fokus in plaas van op Hom.

Om nuus, wat werklik geestelik relevant is te bekom, moet moeite gedoen word. Daar is wel tydskrifte en media wat hierdie nuus dra. Hierdie nuus spring egter nie so in die oog soos die nuus wat satan wil hê ons moet hoor nie.

**Pekahia: God het die oë geopen.**

Jy kan 'n slang se kop afkap maar dan is daar nog lewe in die slang. Daar is gevalle bekend, waar 'n slang nadat hy vermorsel is, nog 'n persoon gepik het. Soms dink ons dat die ou slangnatuur in ons dood is en dan skielik onverwags word hy weer lewendig en pik hy links en regs om hom. Waarom is dit so?

Om hierdie vraag te kan beantwoord is nie maklik nie, maar soos in alle sonde se geval, is die oorsprong van die slegte, terug te voer na dit wat in die Tuin van Eden gebeur het.

Satan het die subtielste van alle aanslae teen Eva gebruik (Gen. 3). Hy het die werklikheid vir haar omgekeer. Die grootste werklikheid voor die sondeval was die geestelike. Die verhouding tussen God en mens het alles oorheers en was die werklikheid waaruit die mens geleef het. Alles het om hierdie verhouding met God gedraai. Satan kom en hy hou 'n ander werklikheid subtiel aan Eva voor. Hy maak haar bewus van die fisiese werklikheid om haar. Hy vestig haar aandag op 'n vrug. Toe hy daarin slaag om 'n ander werklikheid as hoogste werklikheid vir haar uit te lig kon sy verleiding momentum kry. Toe begin hy om hierdie werklikheid te gebruik om die mens te verlei. Toe wou hy kwansuis by die mens weet of dit waar is dat God so en so gesê het. Algaande betrek hy die mens by die werklikheid van die self. Toe hy eers die mens se selfbewustheid aangewakker het, was die res van die verleiding relatief maklik. Die mens staan toe in die



werklikheid wat satan as die hoogste werklikheid voorhou, met 'n sterk selfbewustheid, en verder 'n wete dat die mens nou soos God kan wees deur alles te ken. In die selfbewussyn, as hoogste vorm van realiteit vir die mens, het die mens se ewige stryd teen homself begin. God sê van hierdie selfbewuste selfvergoddelike mens dat hy vanweë sy ongehoorsaamheid sal sterf.

So begin die stryd van die mens, die afgelope 6000 jaar, met dood en lewe. Die mens het lewe gesoek in selfverwesentliking. God sê egter dat die mens moet sterf vanweë sy ongehoorsaamheid. Die mens is egter ook vir God kosbaar en daarom maak Hy 'n wonderplan vir die mens se redding. Die mens moet sterf vir die sonde wat hy gedoen het (Gen. 3:19). God se plan, in Sy ewige getrouheid aan Sy ewige regverdigheid, sluit egter die moontlikheid in dat daar wel vir die mens se dood 'n plaasvervangende dood kan wees. Daarvoor sal 'n lewende, sondelose moet sterf. Hierdie sterwe sal 'n besondere offer moet wees aangesien die offeraar sonder sonde sal moet wees. Hierdie offer sal doodgemaak moet word in die mens se plek. Die teken van die dood van die offer sal wees as daar bloed uit die offer loop. So begin God die offer vir die mens se sonde aanvaar nog voordat die groot offer uiteindelik gebring sou word. Die offers wat sou heenwys na die groot offer, wat iewers in die toekoms gebring sou word, sou in die vorm van diere –offers wees, sodat bloed kon vloei as bewys dat die offerdier gesterf het. ( Is dit waarom daar diere geskep is? ) Diere kan ook nie sonde doen nie en

was dus goeie plaasvervangende heenwysers na die offer wat uiteindelik gebring sou word. (Is dit waarom mense van nature lief vir diere is?)

Toe die volheid van die tyd aangebreek het, tweederdes deur die mens se geskiedenis op aarde, het God Sy Volmaakte Offer, sonder gebrek en sonde, bekend gemaak. Die mens het op die aarde sy doodsbestaan ingegaan en daarom moes die offer ook op die aarde gebring word. Niks is vir God goedgenoeg vir hierdie offer nie behalwe Sy eie Seun. Jesus Christus. So bring God eintlik die Offer. Hierdie Offer moes bloei as teken van Sy dood, sodat die mens kan lewe.

**Pelaja: *Wonder van die Here.***

Jesus se bloed het in Sy lyding, voor Sy dood, reeds vryelik gevloei (Mat. 26 en 27). Hy is deur die gesig geklap en so is reeds van die are in die gesig gebars. Die geseling het sy bloed verder vryelik laat vloei. Die brandende dorings wat in Sy kop vasgeslaan is, het die are oopgeprik. Toe kom die groot bloedlating, die spykers deur die hande en voete. Die finale bloedlating was toe die spies in Sy sy gedruk is, om honderd persent seker te maak dat Hy dood is. As teken dat daar nie meer bloed gestort kon word nie, het daar nog net water uit die wond gekom. Hy was leeggebloei. Die volle offer, die totale dood van Jesus, is gebring om die mens te laat lewe.

Tragies dat die mens vir wie so 'n geweldige offer gebring is, dit soms nie wil aanvaar nie. Hoe geloofwaardig is Jesus se afsterwe? Indien Jesus nie baie dood was nie, is dit vir die mens moontlik om met 'n bietjie geloof, Jesus se opstanding en lewe te aanvaar. Hoe dooier Jesus egter vir die mens word, hoe hoër is die eise wat aan sy geloof gestel word, om te glo dat Jesus lewendig geword het. Daarom dat daar so naarstig gepoog word om allerhande teorieë op te stel waarom Jesus nie regtig dood was nie. Indien Jesus nie dood was nie, is dit maklik om te glo dat Hy lewe. Die diepte van 'n mens se geloof word getoets in jou aanvaarding van hoe dood Jesus was.

Indien Jesus se dood, vir die een wat probeer glo, nie 'n lewensoorheersende werklikheid word nie, sal sy eie afsterwe aan homself ook nie van die grond af kom nie. Soos hy wollerig oor Jesus se dood voel, so sal hy wollerig wees oor sy eie afsterwe van homself, sy eie kruisiging en kruis opneem. Gal 2: 19 en 20 sal nooit werklik vir hom waar word nie. Hy sal nooit regtig kan sê dat hy saam met Christus gesterf het nie. In hierdie verband is die onderdompelingsdoop juis so sinvol. Geen mens kan onder die water asemhaal nie. Die ou mens sterf simbolies onder die water. Hy hou op met asemhaal. So word die mens in Jesus se dood gedoop.

Die mens se sterf aan homself, is die offer wat hy bring. God het Sy Offer gebring om die mens te laat lewe. Vir die mens, om deel aan hierdie nuwe lewe te kry, is dit nodig dat hy homself opoffer, homself aflê, homself oorgee. Daar is nie ruimte vir 'n ietsie van die self oor nie. Die hele ou mens moet uitgebloei word tot daar net water oor is. Water reinig, water gee lewe, water, water, water, die water van die Rooisee, die verlossing van Israel, die water van die Jordaan, die doop van Israel en dan uiteindelik as alles voltooi is en die mens die water van die lewe gedrink het kom die water van die voetewas.

Dan is die siklus voltooi. Onbewustelik sal die mens wat by die voetewas uitgekom het, weer herstel wees in sy verhouding met sy Skepper. Sy hoogste prioriteit sal weer sy verhouding met sy Skepper wees. Die hoogste realiteit vir die mens sal weer die geestelike realiteit wees. Die mens het dan oorgegaan van

die dood na die lewe. Die doderyk het dan geen mag meer oor die mens nie. Dan sal die mens nie net weet hoe dood, dood is nie maar hy sal ook weet hoe lewendig Lewe is, die ewige lewe by die Lewe self.

**Pelalja: Die Here het beslis.**

Hoe kan 'n mens hierdie vraag vra? Dit is so goed of 'n stoel vra van die skrynwerker, sy skepper, hoe die skrynwerker is.

Tog het God ons geseën met verstand en denkvermoë. So het ons die vermoë ontvang om oor God te kan dink en oor Hom te kan wonder. Hy het ook in die Bybel aan ons sekere openbarings oor Homself gegee. In Sy groot liefde het hy selfs aan ons die vermoë gegee om Hom beter te leer ken. Hy nooi ons daartoe uit en wil graag ons op ons vlak ontmoet en 'n verhouding met ons stig. Teen hierdie agtergrond dan 'n paar gedagtes oor God.

**1. God is buite tyd.**

Stel jou die volgende prentjie voor: God in die vorm van 'n mens. In Sy hand hou hy 'n klein horlosietjie vas. Hy is buite die tyd wat die oorlosie aandui. Hy het die tyd maak. Hy is nie afhanklik van die tyd nie. Die tyd is in Sy hande. Hy kan daarmee maak wat Hy wil. Dit het geen invloed op Hom nie. Hy het tyd soos 'n horlosie geskep vir ons, om ons lewens tyd te bepaal en aan ons 'n begin en 'n einde te gee. Hy is tydloos. Daarom dat die Bybel kan sê dat een dag vir God soos duisend jaar is en 'n duisend jaar soos een dag (Ps 90:4). Kan ons regtig iets van hierdie wonder van God se buitetydsheid begryp?

## **2. God is buite materie.**

Weer kan ons God in die vorm van 'n mens voorstel. In Sy hande hou hy iets vas wat soos 'n balletjie lyk. Dit kan ons ganse kosmos wees. Dit kan die heelal vir ons wees. Al die sterre, sterrestelsels, die melkweë, mane en alles wat in die heelal bestaan, kan so in Sy hand rus as 'n klein balletjie. Iewers as 'n nietige stippeltjie in hierdie balletjie kan die aarde wees. Alles in God se hand is materie. Dit is alles opgebou uit atome met neutrone, protone en kerns. Maar God is Gees. Hy is buite hierdie skepping in Sy hand. Hy het maar net 'n materiële dimensie geskep vir die mens se bestaan. Omdat dit Sy skepping is weet hy alles daarvan af. Hy ken elke molekule wat Hy gemaak het. Hy ken elke ster en planeet. Hy weet van elke mens wat Hy gemaak het

### **God is buite onmag.**

Wanneer God as mens voorgestel word, kan die beeld gebruik word waar Hy in Sy hand iets vashou, iets wat soos 'n wurmpie lyk, 'n ou klein, kort, pienk wurmpie, amper iets soos 'n erdwurm se kop. So is die mens. *Wat is die mens dan dat U aan hom dink* (Ps. 8:5)? En tog ag U hierdie ou wurmpie besonder hoog. *U het van hom gesê dat dit die kroon op U skepping is.* Hoe swak is die mens nie. Die enigste krag wat hy het is die feit dat hy in U hande rus. Die grootheid van God, Sy almag kan nie deur die wurmpie bedink word nie. Ons kan net weet dat Hy nie soos ons is nie. Hy kan enigiets met en vir hierdie wurmpie doen. Hy bestaan buite die beperktheid van ons onmag.

### **3. God is buite sonde**

Ons, die stippeltjiemense in God se kosmos, doen sonde. Ons is sleg en vuil en aan God ongehoorsaam. Tog hou Hy ons in Sy hand. Gelukkig is Sy hand so skoon en heilig dat die vuil van die stippeltjiemens op sy stippeltjiearde niks kan doen om Sy hand vuil te maak nie. God is buite sonde. Hy is skoon en heilig en vol genade. Daarom keer Hy nie Sy hand om nie.



**Pelatja: Die Here het hom laat ontkom.**

Dit waaruit 'n woning vervaardig word, bepaal grootliks die rangorde waarin die huis se vervaardiging val. So is 'n huis wat van kleisooie en gras vervaardig word van 'n laer skeppingsorde as 'n huis wat van gebakte stene met 'n teëldag, vervaardig word. 'n Mens sal normaalweg meer verwag van 'n hoëordeskepping as van 'n laerorde skepping. Kom ons pas hierdie redenasie vir 'n wyle toe op die tempel van die Heilige Gees, met ander woorde, die menslike liggaam.

Adam is uit grond gemaak. *Then the Lord God formed man from the dust of the ground* – Gen. 2: 7. Hierdeur is die skeppingsorde van die man gevestig. Hy word uit grond gemaak. Hierteenoor word Eva nie uit grond gemaak nie maar uit die vleis en been van Adam. *And the rib or part of his side which the Lord God had taken from the man He built up and made into a woman-* Gen. 2: 22.

Hieruit kan ons aflei dat die vrou 'n hoër skeppingsorde as die man is.

Ons kan nog verder op die hoër skeppingsorde van die vrou uitbrei. Dit interessant om te sien wat God van die man en vrou sê voordat die sondeval plaasgevind het. Dit is soos God oorspronklik beplan het dat alles moet wees. In Genesis 22:24 kry ons hierdie woorde opgeteken:

*Therefore a man shall leave his father and mother and shall become united and cleave to his wife.* Dit is nie die vrou wat aan die man verkleef sal raak nie maar

die man aan die vrou. Die man sal nie 'n keuse hê nie. Hy sal van sy ouers losmaking moet kry. Hy sal sy vrou aankleef. Sy sal dus die sentrale punt wees, dit waarby hy sal aansluit. Interessant dat na die sondeval die vrou vir haar straf, hierdie oorspronklike bedoelde posisie, verloor: *Yet your desire and your craving will be for your husband and he will rule over you* ( Gen.3: 16). Straf verander tog die status quo na iets anders wat ongemaklik is. Straf het dus Eva se oorspronklike posisie verander. Die veranderde posisie maak dat Adam nou die sentrale plek inneem en dat Eva se begeerte nou na Adam toe sal wees. Dit verander egter nie die feit dat Eva oorspronklik as 'n hoërordespesie as Adam geskape is nie. Wat sal die posisie wees wanneer alles weer perfek volgens God se skeppingsbedoelings herstel sal word, na Sy wederkoms? Sal Eva weer haar hoër skeppingsorde inneem?

Tydens die sondeval word nog iets van Eva se hoër skeppingsorde uitgespeel. Waarom het satan Eva gekies vir die verleiding? Kan dit wees dat hy geweet het dat sy as hoërskeppingsorde meer kommunikasievaardighede het, sy meer oop sal wees vir die beredenering van 'n saak, dat sy moontlik intelligenter was as Adam, dat Adam te konkreet fundamentalisties sou wees om mee te redeneer, dat Eva meer ydel was en meer vatbaar sou wees vir die idee om soos God te kan wees? Het Eva se hoërordeskepping haar soos die gevalle engele opgestel vir groter kwesbaarheid? Dit mag wees dat hierdie dinge bygedra het tot die feit dat satan sy subtiele intellektuele verleiding op haar gefokus het.

Eva se hoërorde skepping blyk ook uit die feit dat sy die inisieerder is ten opsigte van Adam. Sy gee aan Adam en hy eet soos 'n kind, sonder om te redeneer of te bevra. Hy is so vertrouend ten opsigte van hierdie wonderlike wese, wat God vir hom as maat gegee het.

God hou ook vir Eva verantwoordelik vir die sondeval. Sy erken dan ook dat satan haar bedrieg het.

Tog het Eva iets van haar hoërorde skepping, na die sondeval, behou. In Genesis 3: 20 staan die volgende in The Amplified Bible opgeteken:

*The man called his wife`s name Eve (Life Spring), because she was the mother of all the living. (Aanhalings uit die Amplified Bible)*

**Wat 'n wese om mee saam te leef!**

**Petaja: Die Here het geopen.**

In die debat oor, of homoseksualisme sonde is, word daar dikwels van die volgende twee argumente gebruik gemaak om die aanstelling van *gay* predikante te regverdig:

1. 'n Persoon kan nie sy geslagtelike voorkeur kies nie. Hy is geneties gepredisponeer om manlik, vroulik of dubbelslagtig te wees. Indien 'n persoon dan homoseksueel is, volgens sy genetiese gepredisponeerdheid, kan hy nie help dat hy is wat hy is nie. Aangesien hy nie kan kies om homoseksueel of nie-homoseksueel te wees nie, kan hy ook nie verantwoordelikheid aanvaar vir wat hy is nie. So 'n persoon kan nie veroordeel word vir dit wat hy is, en wat hy nie kan verhelp nie. Daarom is so 'n persoon vrygespreek en mag hy soos enige ander persoon in kerklike ampte dien.
2. Homoseksualisme is nie sonde nie. Die NG sinodebesluit van 2015 ondersteun hierdie standpunt. Wetenskaplike skrifuitleg dui daarop dat die Bybel verkeerd vertaal is. Homoseksualisme word nie in die Nuwe Testament as sonde uitgewys nie.

**Teenoor hierdie argumente vir *gay* predikante kan daar egter enkele teenopmerkings gemaak word. Die uitgangspunt van hierdie argumente sal**

**Christelik Fundamentalisties wees in teenstelling met bogenoemde wat na die skrywer se mening Sekulêr Humanisties is.**

1. Homoseksualisme is sonde. In die praktisering van homoseksualisme vind sodomie plaas (Oxford Dictionary: Sodomy is the unnatural sexual intercourse especially between males). God het 'n hele stad se mense met vuur en swael uitgewis omdat hulle onder andere sodomie beoefen het (Genesis 19:4 tot 13).

In die Nuwe Testament is daar heelwat verwysings na sodomie en homoseksualisme. Vir die doel van hierdie skrywe sal daar by net een van hierdie verwysings stilgestaan word naamlik 1 Kor. 6:10:

**1933 en 1953 Vertaling:**

Moenie dwaal nie! Geen-----sodomiete ----sal die koninkryk van God beërwe nie.

**1983 Vertaling:**

Moenie julleself mislei nie: Geen ----mense wat homoseksualiteit beoefen--sal deel kry aan die koninkryk van God nie.

**2014 Vertaling (Voorlopig slegs die Nuwe Testament)**

Laat julle nie mislei nie-----geen mans wat met mans intiem verkeer---sal die koninkryk van God as erfdeel kry nie.

**In die voorwoord tot die mees onlangse vertaling, die van 2014, word die volgende ten opsigte van die vertaling vermeld:**

*Die brontekste wat gebruik word, is die produk van jare se toegewyde navorsing deur kundiges op die terrein van teksoorlewing. Daarom word dit wêreldwyd as die betroubaarste Bybeltekste beskou en word dit sonder uitsondering deur alle lede van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe gebruik.*

2. Dit bring ons by die eerste argument ten gunste van die aanstelling van gay leraars in die N.G. kerk, naamlik die van genetiese gepredisponeerdheid. Met die uitsprake van 1 Kor. 6:10 verval die argument ten opsigte van genetieses gepredisponeerdheid as regverdiging vir die aanstelling van gay predikante. Al is 'n mens geneties gepredisponeer tot homoseksuele oriëntasie, is God se Woord baie duidelik dat so 'n persoon nie in God se koninkryk sal ingaan nie. Die wat nie met hierdie uitspraak van God saamstem nie en dink dat God onregverdig is, dat Hy verkeerd is, moet maar self die saak met God opneem. God se Woord is baie duidelik in hierdie verband. Indien die leraar 'n aktiewe praktiserende homoseksueel is, is dit tog ondenkbaar dat hy die gemeentelede tot hemelse inwoning kan begelei, indien hyself nie kan ingaan nie.
3. Enkele gedagtes ten opsigte van gepredisponeerde homoseksualiteit. Die mens word in sonde ontvang en gebore. Hy is van sy geboorte af reeds sondig. Geen baba of kind hoef geleer te word om sleg te wees nie. Die jong baba is reeds selfsugtig en sal nie skroom om die ander baba se goed af te neem of die ander een seer te maak nie. Indien daar nie dadelik aan sy

behoeftes aandag gegee word nie, sal hy dit luidkeels verkondig. Reeds by hierdie klein kindjie is die kiem op **I, Me and Myself**. Sodoende is 'n selfsugtige, narsistiese bestaan, ingebore. Die vraag ontstaan nou of die gepredisponeerde sondige aard van die mens, 'n verskoning is vir wandade wat hy in sy lewe gaan pleeg en dat 'n mens daarom maar vrygespreek kan word?

Iewers langs die lewenspad moet die mens tog verantwoordelikheid aanvaar en besef dat hy nie net aan sy drange uiting kan gee wanneer hy daarna voel nie. Ek kan tog nie elke persoon wat my frustreer, wanneer ek in my motor op pad stad toe is, uitwis nie, al voel ek baie keer daarna. My sondige predisposisie sê: vloek, wys tekens, vervloek, maak die pes dood, krap sy motor ens. Maar my sondige gepredisponeerde aard gaan my beslis in die moeilikheid laat beland indien ek, buite die samelewingsnorme, uiting daaraan gaan gee. Die bewys dat ek nie aan my sondige gepredisponeerdheid uitgelewer is nie, is die feit dat miljoene mense daaglik by hulle werk opdaag sonder dat hulle moord gepleeg het. Indien die homoseksuele persoon dan nie sy aangebore aard vir sy afwykende gedrag kan blameer nie moet hy 'n ander regverdiging vir die uitlewing van sy onnatuurlike drange vind. Die enigste ander regverdiging vir homoseksualisme is om die norm van wat reg en verkeerd is, te verander. Die samelewingsnorm moet gewysig word om die homoseksuele gedrag aanvaarbaar te maak. Hierdie proses is grootliks reeds vir die

homoseksueel oor die wêreld voltrek. Enkele bastions staan egter nog, soos die uitspraak van die Bybel in hierdie verband. Vandaar die aanslag teen die kerke om hulle Bybelse norms te laat vaar. Die jammerlike kapitulasie van die NG kerk in sy sinodebesluit van 2015, is 'n voorbeeld van hoe suksesvol die sataniese aanslag teen God se Koninkryk in die eindtyd is.

Dit wil ten slotte voorkom of die uitkoms van die bereniging van hierdie aangeleentheid grootliks bepaal gaan word deur die uitgangspunte van die persone wat die saak beredeneer. Indien jou uitgangspunt die van die Sekulêre Humanis is, staan die mens en die mens se belang voorop. Die mens word dan sy eie god en God se Woord word ondergeskik aan die mens en die mens se belang gemaak. Indien jy die saak as 'n Christelike Fundamentalis benader, staan God en Sy Woord voorop en glo en doen jy wat Hy sê. In laasgenoemde geval sal die homoseksuele prediker onaanvaarbaar wees.



**Peullatai: Loon van die Here.**

Daar is twee groot determinante in die menslike lewe. Aan die eenkant is daar die behoefte aan **aanvaarding** en aan die anderkant is daar die vrees vir **verwerping**. Die meeste menslike optredes word deur hierdie twee determinante gedryf. In Bybelse taal word dit met twee ander woorde aangedui naamlik *Kom* en *gaan*. So is daar die uitnodiging van Jesus: *Kom na My toe (Mat. 4:19)*. Daar is ook die verskriklike uitspraak: *Gaan weg van My af (Mat.25:41)*. Die verskriklikste wat met 'n mens kan gebeur is ewige verwerping. Die menslike verwerping het net na die sondeval 'n aanvang geneem, toe Adam uit die Paradys uitgebán is. Hy het direk na sy sondeval 'n emosie beleef wat hy nie voorheen geken het nie. Hy het begin vrees en hy het vir God gaan wegkruip. Sedertdien is *vrees* en *verwerping* in die verskriklikste sin vir 'n mens gekombineer naamlik *in die vrees vir verwerping*.

Die mens se redding, sy vrymaking van vrees en van verwerping hang nou saam met die Paradysgebeure. Om die vloek op die mens uit te wis, sou God se vrymakende offer, met hierdie vrees vir verwerping te make moes hê. Die hoogste offer wat God kon bring vir die mens se redding het hiermee te make gehad. Toe Jesus die toppunt van Sy smart hier op die aarde, as boete vir die mens se sonde bereik het, is Hy van God verlaat. Hy het verwerping ervaar. God het Sy rug op Sy geliefde Seun gedraai en Jesus moes in wanhoop uitroep: *My God, My God*,

*Waarom het U My verlaat? (Mat. 27:46). Donkerte het hierdie somber tyd kom bedek. Die hoogste offer is gebring, die duurste boete ooit is betaal. Daarom is hierdie pragtige woorde vir ons in Johannes 6: 37 opgeteken toe Jesus gesê het: Elkeen wat die Vader My gee sal na My toe kom, en Ek sal hom wat na My toe kom nooit verwerp nie. In die opheffing van die verwerping van die mens het die ewige aanvaarding ingetree. Die mens is deur Jesus se verwerping deur Sy Vader 'n ewige aanvaarding met God gewaarborg. Nou is die mens se vrees uitgewis en hy het ewige vreugde in sy versekering van ewige aanvaarding.*

**Piltai: Die Here is redding.**

Jesus het 'n besondere deernis openbaar vir arm mense. Dit blyk uit die vele insidente waartydens Jesus arm mense uitgesonder het vir besondere seën. Dink maar net aan die besondere eer wat Jesus se ouers aangedoen is; arm mense wat Hom, die Koning van die Konings, in hulle nederige huishouding moes ontvang, versorg en opvoed.

'n Mens mag die fout maak om te dink dat God net arm mense seën. Daar is ook insidente in die Bybel opgeteken waar God ryk en belangrike mense gebruik het om Sy doel te bereik. Een pragtige voorbeeld vind ons in 2 Konings 4: 8: *One day Elisha went on to Shunem, where a rich and influential woman lived.* Die geskiedenis van Elisa en hierdie ryk belangrike persoon se verbintenis word dan verder uitgebou wanneer die vrou vir Elisa 'n spesiale kamer laat inrig waar hy kan rus en waar sy hom gereeld van voedsel voorsien wanneer hy in die omgewing was. Later verhoor God Elisa se gebed en die vrou raak swanger. Wanneer die vrou se enigste seun sterf, wek God hom op, deur Elisa.

Dit wil voorkom of daar egter sekere beginsels geld wanneer 'n ryk mens God se seën deelagtig wil word. Uit hierdie gedeelte in 2 Konings 4 wil dit voorkom of van die beginsels die volgende kan wees:

1. Gee om vir die gesante van God. Doen goed aan hulle.

2. Raak betrokke by hulle wat God dien. Stel jou huis oop vir hulle en gee vir hulle daaglikse behoeftes.
3. Gee vir hulle privaatheid en die voorreg om, binne jou voorsiening vir hulle, self besluite te kan neem.
4. Glo hulle en laat hulle toe om jou te seën. Ontvang met dankbaarheid wat hulle jou uit God se hand laat toekom.
5. Weet dat God jou wil seën wanneer jy nie krampagtig vashou aan wat jy het.

21 Augustus

## Hoor en Doen (1)

### Pniël: Aangesig van God.

Waarom reageer die meeste gelowige kinders van God negatief of gladnie, op dit wat God van hulle vra?

Waarom hoor ons sekere opdragte in die Bybel duisende kere in ons lewens en weier ons nog steeds om daaraan gehoor te gee?

Tussen ons hoor en doen is daar 'n geweldige kloof. Waarom?

Ons almal het al gehoor dat ons vir ons vyande moet lief wees. Hoeveel van ons voer die opdrag uit?

### **'n Moontlike antwoord: Lukas 8: 5 tot 15**

**Saaiwoord Een** (Die Amplified Bible word gebruik vir 'n beter uiteensetting van wat woorde mag beteken)

*5. A sower went out to sow seed; and as he sowed, some fell along the trodden path and was trodden underfoot, and the birds of the air ate it up.*

Hoe kan die probleem van saad wat op die pad langs die land val, opgelos en hanteer word?

1. Dalk kan versigtiger gesaai word om nie saad te mors nie.
2. Die pad kan dalk geploeg en bewerk word.

3. Daar kan dalk 'n net gespan word om die voëls weg te hou en die saad beter kans te gee om te ontkiem.
4. Die mense wat op die saad trap en dit vertrap kan moontlik op 'n ander roete gelei word.
5. Die saad kan moontlik op 'n beter tyd gesaai word wanneer mense nie daar sal loop nie.
6. Moontlik kan 'n ander saad probeer word wat meer gehard sal wees en selfs op 'n pad sal kan wortel skiet.
7. Dalk kan iemand aangestel word om die voëls wat die saad oppik weg te jaag.
8. Dalk moet die saad wat op die pad val maar afgeskryf word en meer gedoen word om die saad wat op ander, vrugbaarder plekke val, te versorg en 'n kans te gee om te groei.

*Ons weet reeds dat die saad in hierdie gelykenis die Woord van God is wat gesaai word in mense se lewens. Jesus verduidelik die gelykenis deur te sê dat die duiwel die woord wegneem uit mense se lewens uit soos die voëls die saad oppik.*

**Putiël: Hy wat God gegee het.**

Die voorafgaande agt punte by 21 Augustus, gee 'n aanduiding waarom daar so 'n groot verskil bestaan tussen wat 'n mens hoor, en wat 'n mens bereid is om te doen.

1. Word die saad van die Woord op sekere mense gemors? Is dit iets van om nie jou pêrels voor die swyne te gooi nie?
2. 'n Pad kan geploeg word. So kan 'n mens se hart vir die Woord voorberei word. Soms moet 'n klipharde hartpad eers deur swaarkry, nood, ellende en siekte geploeg word voordat dit gereed is om die Woord te ontvang.
3. 'n Net om die voëls weg te keer van die saad af, kan dui op 'n net van gebede wat oor die Woord, wat ontvang word, gespan word.
4. Daar sal altyd mense wees wat op die saad van die Woord gaan trap en dit gaan vertrap. Daarom moet die Woord beskerm word teen hierdie mense. Menslike invloed, mense se woorde, mense se houdings, slegte menslike doelstellings met dit wat ander uit die Woord ontvang, kan afgeweer word. Indien mense nie die Woord respekteer, die Woord aanhaal, die Woord gebruik om jou mee te versterk nie, is jy in verkeerde geselskap. Sulke mense is nie goed vir die ontkieming van die Woord in jou lewe nie.

5. Die tydsberekening vir die saai van die Woord is baie belangrik. Indien die hart nie ontvanklik is, reg ingestel is nie, rustig en kalm voor God is nie, sal dit met die saai van die Woord soos met saad op 'n harde pad gaan.

6. Daar is saad wat in 'n harde pad kan groei. Soms moet net die regte Woord vir die regte persoon gekies word. Dit sal soms 'n harde Woord moet wees om die verharde hart in te dring.

7. Voëlverskrikkers werk om voëls van die saad af weg te hou. So kan daar ook moeite gedoen word om diegene wat die Woord wil steel uit mense se harte uit, die skrik op die lyf te jaag. Jesus se Naam laat satan op die vlug slaan. Gebed kan satan verskrik. Deur goed te doen en ander te vergewe kan satan ook op die vlug laat slaan.

8. Daar kan ook besluit word om nie meer moeite te doen met die mense wie se harte so hard is nie. Dalk moet die stof van die stede, soos Jesus vir Sy dissipels gesê het, van die voete afgeskud word, en moet daar beweeg word na ander plekke toe, plekke en mense wat wel bereid is om die Woord te hoor en te doen.



**Rabbi: My Heer.**

**Saaiwoord Twee**

Lukas 8:6. *And some seed fell on the rock, and as soon as it sprouted, it withered away because it had no moisture.*

Hoe kan die probleem, van saad wat op 'n rots gesaai word, opgelos word?

1. Daar is saad wat op 'n rots kan groei. Die wildevy se wortels dring diep in die skeure in en groei selfs om 'n rots. Daar moet dus net die regte saad vir die rotsagtige gebied gesaai word.
2. Die rotse kan soms verwyder word indien hulle nie te groot is nie.
3. Rotse kan stukkend gebreek word indien die regte toerusting beskikbaar is.
4. Met tyd word selfs die hardste rots verweer om grond te vorm. Dikwels is die grond dan ook baie vrugbaar.
5. Die rotsagtige gebied kan met goeie grond bedek word om 'n groeimedium vir plante te skep.
6. Wanneer die verwagting ten opsigte van die plantjie wat op die rots met die min grond moet groei, nie te hoog is nie, sal daar ook nie teleurstelling wees indien daar maar 'n ou klein vetplantjie op die rots groei nie.
7. Die plantjie sal oorleef indien daar gereeld water gegee word.

8. 'n Mens kan ook besluit dat dit nie die moeite werd is om saad op die rotsagtige plekke te saai nie.

*Kom ons bring hierdie agt dinge ten opsigte van die rotsagtige plekke in verband met die saai van God se Woord en die mens se onwilligheid om die woord aan te neem en dit te doen. Jesus self verklaar hierdie gebrek aan vrug by die saad deur te sê dat hierdie mense die Woord met vreugde aanneem maar dat hulle in hulleself geen wortel het nie. Die mense glo vir 'n rukkie maar sodra daar toetse op hulle lewenspad kom misluk hulle.*

1. Wat sal die regte saad wees om in rotsagtige harte gesaai te word? Sal dit 'n Woord wees wat om die kliphart kan groei en hier en daar skeure in die kliphart kan indring? Is dit die indirekte bring van die Woord deur die lewe en voorbeeld van die persoon wat die Woord wil bring, sonder dat daar veel gepraat word?
2. Die hart van klip word soms deur God in 'n hart van vlees omskep en so word die rots uitgehaal om net die sagte vrugbare grond te laat oorbly. Dikwels sal die gebede van ander hierdie genadewerk in mense se lewens kan laat plaasvind.
3. Die hardse rots kan gebreek word en so ook kan die hardste hart gebreek word indien die regte gereedskap gebruik word. Die regte gereedskap kan dalk hartseer, pyn, siekte, dood en mislukkings wees.

4. Die hardste rots word deur tyd verweer om grond te vorm. So kan God op Sy tyd wanneer dit vir Hom reg is die rots in grond in 'n mens se lewe verander. Dalk het God ook vir jou 70 jaar daarvoor nodig.

5. Om goeie grond in te bring as groeimedium bo-oor die rots kan ook ten opsigte van die Woord gebeur. Laag op laag grond van gebede, Bybellees, denke oor God se Woord kan so 'n groeimedium skep. Die belangrikste goeie grond, sal dit wees waarmee die denke gevoed word. Wanneer die dooie rotsdenke wat gedurig in die media aan ons voorgehou word toegegooi word met goeie, mooi, rein, opbouende denke, is daar iets vir God se Woord om in te groei.

6. Is iets, al is dit klein, nie beter as niks nie. Laat ons dan dankbaar wees vir die ou klein vetplantjies wat ook in mense se vlak lewens groei.

7. Water is die mens se lewe. Uit water word hy fisies en geestelik gebore. Sy liggaam bestaan grootliks uit water. Hy kan geestelik net oorleef indien hy van die Water van die Lewe drink. Is droë doop moontlik?

8. Is dit vir 'n mens om te besluit dat dit nie die moeite werd is om in 'n ander se lewe die Woord in te saai nie? Dit is mos God se voorreg om hieroor te besluit. Ons moet net saai. Hy is die een wat laat groei. Hy kan selfs in 'n klip hart laat groei as Hy wil.

24 Augustus

## Hoor en Doen (4)

**Raddai: Die Here is oorwinnaar.**

### Saaiwoord Drie

*Lukas 8:7: And other seed fell in the midst of the thorns, and the thorns grew up with it and choked it (off).*

Hoe kan die probleem van woordsaad, wat met onkruid en bossies moet meeding, opgelos word?

1. Maak die grond eers goed skoon van alle bossies en onkruid voor gesaai word.
2. Onkruiddoders kan gebruik word nadat die saad en die bossies saam begin groei.
3. Daar kan gepoog word om die onkruid uit te trek sonder om die goeie plantjies te beskadig.
4. Daar kan 'n fyn net oor die akker gespan word om die verspreiding van onkruidsaad te verhinder.
5. Die regte kunsmis kan vir die goeie saad gegee word. Net dit waarop die saad alleen sal reageer.
6. Die goeie plantjies kan toegelaat word om saam met die onkruid volwassenheid te bereik en dan kan die goeie plantjies se opbrengs geoes word.

*Jesus bring hierdie gelykenis in verband met mense wat die Woord hoor maar later word die Woord verdring en versmoor deur vrese, bekommernisse en rykdom. Kom ons kyk uit hierdie ses punte wat genoem is, of daar iets is wat gedoen kan word om die kloof, tussen die hoor en doen van God se Woord, uit te wis.*

1. Die grond moet skoongemaak word van alle onkruid, voordat gesaai word. Ons kan nie in ons lewens net begin saai voordat ons nie ons lewens skoonmaak van alles wat die Woord kan verhinder of kan verstik nie. Dit beteken dat die hart leeggemaak moet word van dinge wat vrees verwek, dinge wat bekommernisse veroorsaak en dinge wat begeer word. Hoe sal 'n mens dit doen? Skakel alles uit wat vrees opwek soos die kyk van gewelddadige TV programme, die lees van boeke en artikels wat vrees opwek soos dit onder andere in koerante en tydskrifte voorkom. Bekommernisse behoort gelowig na Jesus toe gebring te word. Die lewe kan gesuiwer word van alles wat begeerlik is soos rykdom, gerief en plesier. Hoe kan God se Woord tussen die gemors in ons lewens in gesaai word met die verwagting dat dit moet groei en moet gedy?

2. Onkruidodders kan gebruik word vir die wêreldse onkruid naamlik dinge soos 'n skoon lewenswandel, deur goeie en mooi en geloofwaardige dinge te bedink, deur tyd saam met Jesus deur te bring, deur jou gedagtes te vul met wat goed, mooi, rein, prysenswaardig en regverdig is.

3. Trek die onkruid uit. Soms is die sonde so subtiel vervlegd met die goeie in 'n mens se lewe, dat versigtig te werk gegaan moet word om die onkruid uit te trek. Dink maar aan al die twisvrae en ou waarhede wat tans in die kerk bevra word, gedagtes wat soos onkruid die goeie plantjies verstik en versmoor.
4. Soms is dit nodig dat 'n fyn net oor die gelowige se lewe gespan word om slegte invloede uit te weer soos die saad van onkruid. So kan die net van eenvoud, nederigheid, afhanklikheid en gehoorsaamheid vir die doel gebruik word.
5. Die regte kunsmis vir die goeie saad kan beteken dat net dit wat opbouend is gelees word en oordink word, dat advertensies en die leuens wat daarin voorkom sowel as die opwek van begeertes, vermy word, dat die Woord gebruik word om die Gees te voed, dat tyd vir die dinge van God ruim afgestaan word.
6. Wanneer die goeie plant en die onkruid toegelaat word om saam te groei tot volwassenheid, word die moontlikheid oopgelaat dat die goeie plant voor oestyd tot niet kan gaan, totaal deur die onkruid verdring. Oppas vir hierdie benadering om te wag vir byvoorbeeld 'n sterfbedbekering. By Jesus is egter enigiets moontlik.

### **Saaiwoord Vier**

Lukas 8:8. *And some seed fell into good soil and grew up and yielded a crop hundred times as great.*

Van hierdie saad verklaar Jesus:

*But as for that seed in the good soil, these are the people who, hearing the Word hold it fast in a just (noble, virtuous and worthy heart) and steadily bring forth fruit with patience.*

**Mag die Saad van God se Woord so in ons lewens vrugbare teelaarde vind sodat die vrug van gehoorsaamheid ruim in ons lewens gedra sal word.**

**Raffa: God genees.**

Die mens is dwarsdeur sy lewe besig om huise te bou. Soms bou hy fisies aan sy aardse wonings, soms bou hy aan en soms breek hy af wat ander gebou het. Behalwe die fisiese wonings wat die mens bou, bou hy ook geestelike huise. So kan die mens gedurende sy lewe ander mense opbou, afbreek of geestelik toevoeg tot hulle lewens.

Die mens probeer egter gedurende sy aardse bestaan, ook dikwels deur sy godsdienstbeoefening, vir hom 'n hemelse huis bou. Hierdie bouery gaan dan, soos dit gewoonlik met godsdienst die geval is, met baie selfpogings gepaard. Hy sal met sy goeie dade en godsdienstige rituele, onder andere in die kerk, probeer om 'n woonplek vir hom in die hemel te bou.

Die mens bou ook ander tipes huise hier op die aarde. Hy sal dikwels probeer om die huis van sy liggaam op te bou. Hy sal gedurig sy gewig dophou, op dieëte gaan, gereeld sy liggaam oefen en dan ook probeer om met die liggaamshuis wat hy gebou het by ander te spog.

Soms gaan die mens so ver as om nie net 'n huis te bou nie maar 'n monument vir homself te probeer oprig. Indien daar net 'n straat of gebou na hom vernoem kan word, of as hy net 'n boek kan publiseer, of as hy net sy doktorsgraad kan bekom sal hy tevrede voel met sy monumentale nagedagtenis.



Soms is mense se kinders die middel waardeur hulle poog om vir hulleself eer en lof in te oes en so hulle selfbeeld, soos ‘n gebou op te rig en te verstewig. Hoeveel kinders is in hierdie proses nie verwoes nie? Hoeveel kinders moes nie ouers se onvervulde aspirasies bevredig nie?

Wanneer sal die mens tog sat word van al hierdie sinnelose gejaag na wind?

Kom ons kyk wat God van huisbou in Psalm 127:1 sê:

*As die Here die huis nie bou nie swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs.*

Ons kan hoogstens instrumente in God se hand wees wanneer hy kies om ons hier op die aarde te gebruik om iets vir Hom tot stand te bring. Hy is die Een wat seën, wat die beplanning gee, wat die uitvoering van die projek behartig. Hy is die Een wat waarlik bou. In dieselfde psalm sê God dan ook vir ons dat *Hy aan Sy bemindes , dit wat hulle begeer, vir hulle in die slaap gee* en dat hulle hulself nie hoef te verwoes in die proses om self te probeer bou nie.

Ten opsigte van huisbou is daar egter ook ‘n ander dimensie, ‘n hemelse dimensie. Jesus het gesê dat hy *weggaan om vir ons ‘n tuiste te gaan voorberei in die hemel* (Joh. 14:2). Hy het ook beloof dat wanneer Hy hierdie hemelse woning voltooi het, *Hy sal kom om ons te kom haal*. Alleen hierdie woning sal ons hemelse woning wees en niks wat ons deur selfpogings, met godsdiens probeer vermag het, sal in die hemel wees nie.

Teen die einde sal al ons huise wat ons so naarstiglik aan gebou het, tot niet gaan en verbrand word (1 Kor. 3: 9 tot 15). Alleen die woning wat Hy gebou het sal standhou. Kom ons laat Hom toe om ons geestelike wonings op te bou. Kom ons laat Hom toe om die hoeksteen van ons lewens te word en kom ons vertrou hom vir ons ewige wonings.

26 Augustus

In (1)

**Ramja: Die Here is verhewe.**

Wat verstaan jy onder: *Glo in God, glo ook in My (Joh. 14:1)?*

Ons kan vir ‘n rukkie stilstaan by maniere waarop die woordjie **in**, in Afrikaans gebruik word byvoorbeeld:

Ek glo *in* evolusie (met ander woorde dat Evolusie waar is).

Glo *in* wat jy sien (aanvaar dit wat jy visueel waarneem as ‘n getroue weergawe van die werklikheid).

Sommige mense glo *in* spoke (met ander woorde dat spoke bestaan).

Ek glo *in* myself (dat ek in staat is om dinge te kan doen).

*In* sy teenwoordigheid voel ‘n mens klein (om in die persoon se teenwoordigheid te verkeer).

Hulle lewe *in* onvrede (dui ‘n tipe verhouding aan).

Kom ons keer nou weer terug na ons aanvanklike vraag oor wat dit beteken om **in** God en **in** Jesus te glo of wat dit beteken om jou te verbly **in** die Here.

Jy glo **in** God wanneer jy jou geloof of vertrouwe vanaf jouself na God toe verplaas.

Jou selfvertroue word dus Godsvertroue. Of jou geloof in jouself word nou verplaas na geloof in God toe. Dieselfde geld ook ten opsigt van verbly jou **in** die Here. Jy kan jou blydschap vind in dinge soos ‘n motor of ander besittings, of in

jou sekuriteite of in jou lewensgenot maar in hierdie versie in Fil. 4: 4 moedig Paulus ons aan om ons vreugde, ons blydschap, **in** die Here te vind.

Ons moet dus in ons geloofsvertroue en in ons blydschap weg van onself af beweeg. Ons moet nie soos die wêreld maak en in onself glo of in onself vreugde vind nie. So moet ons dan oppas vir selfvertroue en om dit na te jaag om ons goed oor onself te laat voel.

Indien ons die verskillende gebruike van die woordjie **in**, in Afrikaans hier bywerk wil dit lyk dat om **in** God en Jesus te glo ook kan beteken dat God en Jesus waaragtig is, dat my geloof God en Jesus werklik maak vir my, dat ek weet dat God en Jesus bestaan, dat God almagtig is en enigiets kan doen, dat ek deur **in** te glo deelgenootskap kry aan Sy teenwoordigheid en dat glo **in** ook te doen het met 'n verhouding.

By die ryke verskeidenheid van betekenis kan ook nog die gedagte gevoeg word dat om **in** Jesus te glo beteken dat ek aanvaar en weet dat:

*Hy die Seun van God is,*

*Dat Hy die langverwagte Messias is,*

*Dat Hy vir ons Jesus is; met ander woorde Verlosser, Redder en Heil,*

*Dat Hy persoonlik deur Sy Heilige Gees in ons woon,*

*Dat ons Hom aanvaar het soos Hy ons in Sy liefde aanvaar,*

*Dat Hy ons lewe en ons einddoel is.*

Hoe meer ek **in** God glo hoe beter sal ek Hom leer ken. Hoe meer ek van Hom weet hoe meer sal ek Hom kan vertrou. Omdat Hy en Jesus een is sal ek deur my kennis van Jesus ook meer en meer van God te wete kom en so almeer in my geloof in Hom groei.

Om **in** Hom te wees, is soos Oswald Chambers (*My Utmost for His Highest*) sê, die essensie van gebed. In die gebed word ek een met Hom en word die diepte van die woordjie **in** net nog verder ontsluit. Die woord *in* word dan die voorspel van die ewige eenheid tussen ons en Vader, wat op ons wag.

27 Augustus

In ( 2)

**Reaja: Die Here het oorwin.**

Jesus sê: *Bly in My soos ek in julle (Joh. 6:56).*

Hy gee Sy Heilige Gees om in ons te woon en Hom te verteenwoordig. Die eerste

**Hoe bly Jesus in ons?**

‘n Deel van die Heilige Gees se vrug in ons lewens is *Liefde (Gal.5:22).*

Ongelukkig is die self die grootse blokkasie vir God se liefde in en deur ons lewens. Liefde is die weggee van die self ter wille van ander. Dit *is* selfverloëning.

Dit is om God en my medemens se belange bo my eie te stel. Dit is om werklik

om te gee vir ander. Dit is om baie klein in myself en my eiebelang te word. Die

toppunt van liefde is om die self so weg te gee en te ontken dat daar niks meer

van die self oor is nie. Dit is om te sterf aan die self. Soos Jesus gesê het: *Liefde*

*is om jou lewe af te lê vir jou vriende (Joh.15:13).* Wanneer jy so gestroop van

jou self, in totale selfverloëning gekruisig is van jou eie belange, dan is daar

ruimte vir God se Gees **in** jou. Hierdie proses van selfverloëning kan nie deur ‘n

mens verrig word nie. Anders sou die mens goed gevoel het oor sy selfverloëning

en sou die doel van selfverloëning tot niet gegaan het. Ook vir selfverloëning is

die mens totaal van God afhanklik. Selfverloëning omvat die totale mens; die

liggaam moet verloën word en ‘n mens mag nie van sinnenot ‘n afgod maak nie.

Daarom is dit nodig dat die mens die liggaam se behoeftes soms verloën, deur op

‘n vas te gaan. Die groot verloëning van die liggaam vind in die dood plaas. Die

mens moet ook sy siel verloën. Dit beteken dat die mens nuwe gedagtes moet kry. Verder beteken selfverloëning dat die klip hart van emosies deur 'n omgehart vervang moet word. Die wil van die mens sal ook verloën moet word in die onderwerping aan die wil van God. Die derde aspek van die mens se menswees naamlik sy gees moet ook in die eenwording met Jesus se Gees opgelos word. In die mens se totale afhanklikwees van God is alles gereed vir God se inwoning deur Sy Gees. Al wat daarna vir die mens oorbly om Gal. 5 uit te leef, is om die Heilige Gees *toe te laat om jou te lei, te beheer en te bestuur*. Jou werk is **toelaat**. Dit is die somtotaal van jou bydrae om God se Gees **in** jou te ontvang en onder die leiding beheer en bestuur van Sy Gees te lewe.

### **Hoe bly ek in Jesus?**

Jesus is groot, ontsaglik groot, maar in Hom woon miljoene mense. Om in Jesus plek te kan kry moet ons **klein wees**, baie klein, so klein dat ons Sy Gees kan ontvang in ons kleinheid. Wanneer ek groot in myself en my eiewaan is, is daar nie plek vir my in Jesus nie. Soms kan my ekstensiteite soos my status, geleerdheid, besittings en belangrikheid maak dat ek nie **in** Jesus kan inpas nie, ek het net te groot vir Hom geword. So is die eerste vereiste om **in** Jesus te bly dat ek klein in myself moet word en bly.

Soms is daar 'n groot struikelblok in ons pad om **in** Jesus te bly. Wanneer ons in Jesus, die perfekte sondelose God, wil bly moet ons **vry van sondes** wees. Ons kan tog nie in die heiligheid van God en Jesus probeer bly indien ons vuil en

sondig is nie. Alleen wanneer jy in Jesus se vergifnis bly, in Sy sondeloosheid, in Verlossing, in geloof, in Sy redding kan jy rein en skoon genoeg wees om **in** Hom te wees.

Nog 'n ernstige blokkasie vir die inwoning **in** Jesus is **onvergewensgesindheid**. In onvergifnis voed jy die aktualisering van die self. Jy matig jou aan. Jy eien jouself die reg toe om te oordeel en te veroordeel en deel sommer die straf ook uit in die feit dat jy besluit die ander persoon mag nie vergewe word nie. Hy moet boet. So word jy **in jouself** net te groot om **in Jesus** in te pas. In onvergifnis trek jy 'n streep deur liefde. Haatlike oordeel en veroordeling is dan jou keuse. Jesus se Gees vlug dan uit jou uit.

Soms is verkeerde **denkraamwerke** 'n struikelblok vir inwoning in Jesus. Ons dink dikwels onder leiding van die media dat die lewe op die aarde veronderstel is om 'n paradysbestaan te wees. Jesus sê: *Op hierdie aarde sal julle dit moeilik hê (Joh. 16:33)*. Alle wedergebore kinders van God kan dan ook van lyding in hulle persoonlike lewens getuig. Die leuenagtige verwagting van die voorspoedsteologie sluit inwoning in Jesus en eenwording met Sy lyding, uit Eintlik gaan dit om een van die volgende twee: **Self** of liefde. Selfverheffing moet opgehef word om liefde te kan gee. God is liefde. Alleen in totale selfverloëning is dit moontlik om **in** die God van liefde deur liefde te bly.

Wanneer die mens Jesus, deur Sy inwonende Gees ontvang het, **in** homself en dan verder **in** Jesus bly, is dit moontlik om **in** Jesus na God se genadetroon toe te



kom. **In** Jesus alleen kan ek voor God verskyn. Wanneer ek so **in** Sy Naam, die lieflike Naam van Jesus kom, kan ek deur die voorhangsel van Verlossing en vergifnis van sonde, **in** kom **in** God se teenwoordigheid **in**, en dan kan ek laag voor Ons Vader se voete kom buig. Daarom kan **ek** nooit voor God verskyn nie. Dit sal altyd in die **ons** wees wanneer ek in God se teenwoordigheid kom. Dit sal altyd die **ons** van **ek in** Jesus wees, wat voor God sal kom. Daarom het Jesus ons geleer om te bid: **Ons Vader**.

**Reëlaja: Bewend voor die Here.**

Vrou, jy sê jy is 'n huisvrou. Dit wil sê jy is die vrou wat die werk in die huis doen. Soms voel dit vir jou of jou werk omtrent dieselfde as 'n waslap is. Amper soos die lap wat vir die waswerk gebruik word. Dilwels is daar maar min erkenning vir jou en die statuswaarde van jou beroep is maar laag. Meestal verdien jy nie eintlik 'n salaris nie. Hierdie dinge mag vir jou waar lyk. Kom ons kyk egter na die volle waarheid omtrent jou beroep (jou roeping ).

1. Jy berei die voedsel voor vir jou gesin. Jesus het ook die voedsel vir Sy dissipels voorberei, toe Hy op die strand vir hulle gestaan en wag het.
2. Jy versorg jou gesin. Jesus moes ook al die mense om Hom sowel as Sy dissipels versorg het.
3. Jy maak jou gesin se klere heel. Jesus was arm en soms moes ook Sy klere herstel word.
4. Jy moet dikwels jou gesin se beddens opmaak. Jesus het vir die verlamde man gesê hy moet sy bed opneem en loop. Jesus het soms nie eers 'n bed gehad om op te slaap nie.
5. Jy moes al jou gesin se voete gewas het, miskien jou man s'n en dikwels die kindertjies se voete. Jesus is die perfekte voorbeeld van 'n Voetwasser.

6. Jy maak jou huis mooi en versier dit met blomme. Jesus het die blomme gemaak. Ook vir Hom was dit mooi en Hy het daarvan gesê dat dit baie goed gemaak is.

7. Jy dissiplineer jou kinders. Jesus moes by uitstek dissiplineer om dissipels te maak.

8. Jy voed op en leer. Jesus is ons Groot Leermeester.

9. Jy is veral as huisvrou ingestel om in liefde te dien. In hierdie opsig word jy soos Jesus, Hy wat gekom het om in liefde te dien.

10. Jy versorg nie net jou huis nie maar ook jou tuin. God het dit geniet om die Tuin van alle Tuine, Eden, aan te lê. Die eerste mense moes, soos jy, die tuin versorg.

11. As huisvrou moet jy wonde verbind en mense verpleeg. Jesus was en is nog vandag ons Groot Geneesheer.

12. Altyd moet jy regstaan om met deernis te help. Jesus se liefde het Hom voortdurend in posisies van deernisvolle liefdebetoning geplaas.

13. Jy geniet dit om as huisvrou jou lewe vir ander se gerief op te offer. Jesus het die heerlijkheid van die Hemel verlaat om die Groot Offer van Sy eie lewe te bring om ons te red.

So ou Huisvroutjie, Ou Waslappie, weet dat dit wat jy doen Goddelike werk is en dat God alles wat jy doen self ook gedoen het en niks daarvan as te nederig vir Homself geag het nie. Jy, huisvrou, is in Wonderlike Geselskap.

**Refael: God genees.**

Vir 'n beter konteks, waarteen die hedendaagse nuusgebeure verstaan moet word, is dit nodig om iets meer van Humanisme te weet.

Daar kom basies drie tipes Humanisme vandag voor naamlik: Sekulêre Humanisme, Marksistiese Humanisme en Kosmiese Humanisme of te wel die meer bekende New Age Beweging.

Die grondslag van Humanisme is dat die mens selfgenoegsaam is, sy eie god is, niks en niemand anders nodig het nie, vir homself leef, en sy eie heil kan uitwerk. Dit is dus totaal en al 'n Ateïstiese godsdiens.

'n Paar begrippe wat netjies binne Humanisme inpas is die volgende:

**Evolusieleer**

Hiervolgens was daar nie 'n skeppingsgebeure nie. Daar is dan ook nie 'n Skepper nie. Alles het natuurlik ontstaan en ontwikkel op 'n natuurlike proses.

**Relatiewe Moraliteit.**

Hiervolgens word daar nie eksterne morele beginsels, soos die Tien Gebooie, aanvaar vir menslike moraliteit nie. Die mens bepaal sy eie moraliteit. Dit wat werk vir die mens, op 'n gegewe moment, is reg en goed.

**Dialektiese Materialisme**

Vir die Marksistiese Humanis is Dialektiese Materialisme die kern van sy totale teorie met ander woorde, dit wat hy in glo, sy godsdiens. Hiervolgens is daar altyd 'n *Tese, iets wat bestaan* en hierteenoor 'n *Anti-tese, iets wat die tese uitdaag of in konflik daarmee verkeer*. Uit die stryd tussen die Tese en die Anti-Tese kom daar *Sintese, of hoër orde van die oorspronklike Tese*. Om hierdie proses van Sintese te voltrek is daar altyd stryd voor nodig. Dikwels gaan die stryd met rewolusie en opstand gepaard. Hierdie proses gaan voort of die mens dit wil hê of nie. Dit is onkeerbaar. Evolusie pas ook pragtig in hierdie proses van Dialektiese Materialisme. Indien evolusie bevraagteken word, word die hele struktuur van Marksisme bevraagteken. Daarom moet die teorie van evolusie ten alle koste beskerm en uitgebou word.

### **Selfaktualisering van die mens.**

Die siening hier is dat die mens inherent goed is, bekwaam is om sy eie probleme self op te los en dat dit die mens se doel moet wees om sy eie bekwaamheid en onafhanklikheid uit te leef en self iemand en iets te word. Die mens se selfbeeld en selfbewustheid, is baie belangrike werktuie in hierdie verband. Die oplossing vir al die mens se probleme is in homself geleë.

Dit is werklik skrikwekkend om te sien hoe hierdie begrippe in ons hedendaagse samelewing hulle neerslag vind.

30 Augustus

Hy vir my.

(Mat. 27:27 tot 54)

Refaja:Die Here genees.

1. Die **doringkroon** op Sy kop het my gedagtes nuut gemaak.
2. Sy **ore** moes die gevloek en geskreeu van die gepeupel om Hom aanhoor, sodat ek die seën van Sy sagte liefdevolle influisterende genade kon hoor.
3. Sy **oë** is toegebind sodat die skille van my oë kon afval en ek die wonde in Sy hande, voete en sy kon sien.
4. Hy is op die **mond geslaan** om my te verlos van al die verkeerde dinge wat uit my mond sou kom.
5. Sy **rug** is stukkend geslaan sodat ek nie nodig het om al my probleme en laste self te dra nie.
6. Hy moes **Sy sware kruis** dra sodat my kruis lig en sag sal wees.
7. Hy was **dors** sodat ek die water van die ewige lewe kon kry om te drink.
8. Sy **hande** is deurboor vir al die kwaad wat my hande sou doen.
9. Sy **hande** is oopgesper voordat die spykers deurgeslaan is sodat my hande kon oopgaan vir my medemens.
10. Sy **skande** is ontbloot sodat my skandes uitgewis kon word.
11. Sy **voete** is deurboor ter wille van my voete wat verkeerde paaie sou loop.

12. Sy **voete** was gestroop van skoene sodat my *voete die skoene vir die bereidheid vir die verkondiging van die Evangelie* kon aantrek.
13. Sy **hart** is met 'n spies deurboor sodat my hart aan Hom kon behoort.
14. Hy is **verneder** sodat ek tot in die hemel verhoog kon word.
15. Sy **liggaam** was vol koors sodat ek siektes gespaar sou bly.
16. Sy **selfverloëning** het vir my 'n ewige heerlikheid gebring.
17. Sy **sterwe** het vir my lewe gegee.
18. Hy is **onregverdig** verhoor sodat ek in vir die verkeerde wat ek sou doen vrygespreek sou word.
19. Sy **gehoorsaamheid** aan die kruis was vir my ongehoorsaamheid.
20. Sy **liefde**, wat so duidelik aan die kruis bewys is, was vir al my liefdeloosheid.
21. Sy **vergifnis** was vir my onvergewensgesindheid.
22. Hy was **van God verlaat** sodat ek nooit van God verlaat sou word nie.
23. Sy lewe en Sy opstanding was vir my lewe en my opstanding.

**DANKIE HERE JESUS !**



**Rehabja: Die Here het wyd gemaak.**

In elke mens is daar die behoefte ingebou om iets of iemand te aanbid. Vir die wat nooit van die Here gehoor het nie, word hierdie behoefte bevredig deur iets soos 'n boomstomp, die son, 'n afgodsbeeld, 'n paal of 'n voorvader te aanbid. Omdat God ons gemaak het, en Hy ons so goed ken, het Hy geweet dat Hy Homself vir ons op 'n hanteerbare manier moet aanbied, om dit vir ons makliker te maak om Hom te aanbid. Dink net daaraan dat indien God nooit in Jesus na ons toe gekom het nie, sou ons Hom net as Goddelike wese moes aanbid. Dit is in wese wat met die Israeliete gebeur het. God was so groot en verhewe dat hulle altyd iemand nodig gehad het, om vir hulle, met God te praat. Dit was ook ondenkbaar vir die gewone Israeliet om in God se teenwoordigheid te kom. Die mense is nie eers toegelaat om naby die berg te kom waar die Here met Moses gepraat het nie (Eks.19:24). Daar was enkele uitsonderings, soos Abraham, wat 'n vriend van God genoem is.

Om die priesters en die offergawes uit te skakel en direkte toegang tot God moontlik te maak, moes daar 'n ander Middelaar as die Hoëpriester en 'n ander Offer as die van diere gebring word. Vir die doel het God die wonderplan van Jesus bedink. Jesus, Sy Seun, moes 'n brugbouer tussen die mens en God word. In Jesus het God mens geword, sodat ons met Hom kon identifiseer. Hoe sou ons met die verhewe God in die hemel een kon word sonder dat Jesus ons geleidelik

in hierdie verhouding met God ingelei het? Ons kan identifiseer met Jesus wat 'n baba was. Elkeen van ons, hoe arm ons ook al mag wees, kan identifiseer met Jesus se geboorte in 'n stal en sy wiegie wat 'n krip vir diere was. Vir niemand van ons was dit te hoog, te weelderig of te verhewe nie. Sy grootword as die seun van 'n ambagsman maak ook hierdie identifikasie vir enige mens moontlik. Jesus was nie die seun van 'n ryk mediese dokter of professor nie. Nee, ons kan met hom as gewone mens, gebore van gewone ouers, wat 'n gewone werk gedoen het, identifiseer. Die feit dat Jesus se ouers duiwe as offers gebring het dui daarop dat hulle arm was. Selfs die arm mense onder ons kan iets gemeenplasig met Jesus se opvoeding ervaar. Jesus word opgelei as ambagsman. Hy werk met sy hande en Hy, wat die mens gemaak het deur net te praat, buig af na ons toe en kom werk met hout, sodat ons met Hom kan identifiseer. Jesus was nederig en vol liefde hier in Sy aardse omswerwings. Daarom wil ons graag soos Hy wees. Hy het nooit iets verkeerd gedoen nie. Ons wil ook graag so wees. Hy het Sy ouers eerbiedig en gehoorsaam en ook hierin wil ons soos Hy wees. Hy was lief vir God en het God se wil gedoen. Ook hierin wil ons soos Hy wees. Hy het in die uiterste voorbeeld, van wat liefde is, vir ons, in ons plek gely en gesterf aan 'n kruis. Hiervoor is ons Hom ewig dankbaar.

Iewers gaan ons identifisering met Hom oor in die werklike uitlewing van dit wat ons in Hom geword het. Net wanneer ons gemaklik begin raak in ons vereenselwiging met Hom gaan Hy 'n bietjie verder en verwag Hy van ons om

ook in die volgende stap, Hom te volg. Soos Hy gekruisig is verwag Hy van ons om onself te kruisig en ons lewens vir Hom af te lê (Mat.10:38). Wanneer ons so saam met Hom sterf, volvoer Hy die volgende stap, en soos Hy uit die dood opgestaan het, laat Hy ons ook in 'n nuwe lewe gebore word, wedergeboorte (Gal 2:20). Soos Hy vol van die Heilige Gees is, seën Hy ons ook met die invulling van Sy Gees. So identifiseer ons nie net met Hom nie, maar word ons waarlik een met Hom.

1 September

If you love someone

**Rehael: Vriend van God.**

Het jy al 'n huis gebou?

Indien jy het, sal die volgende aan jou bekend wees: Die kontrakteur vir die dak onderneem om die dak op te sit en belooft dat die dak binne 10 werksdae voltooi sal wees. Na 'n maand soebat en smeek jy nog steeds en die dak is nog nie klaar nie. Die persoon wat die kombuiswastafel insit loop weg, en jou R20,000 deposito is daarmee heen sonder dat 'n kwart van die werk voltooi is. Van die bykans honderd afsprake wat jy met mense gehad het om iets te kom doen aan die huis het meer as 95% nie hulle beloftes nagekom nie. Aangesien jy die meeste van die tyd probeer het om jou Christenboeties te ondersteun sit jy na jou bouery met 'n klomp vrae oor Christene se integriteit. Die gevolg is dat jy sinies word. En vir die wat nie weet wat sinies beteken nie net die volgende: Dit is wanneer jy altyd net die slegste van jou medemens verwag. Nou kom die groot dilemma vir jou as Christenbouer. Die praktyk leer jou dat mense, ja Christenmense, hoogs onbetroubaar is **maar** God se Woord sê: *If you love someone you will be loyal to him no matter what the cost. You will always believe in him, always expect the best of him, and always stand your ground in defending him (1 Cor. 13:7 Amplified Bible)*. Hoe kan 'n mens nou hierdie teenstrydigheid hanteer? Sê die Woord iets en sê jou ervaring van die lewe iets anders?

Die probleem is dat ons nie lees wat in die Bybel staan nie. Daar staan in die Bybel: *If you love someone*. Hier word van 'n mens gepraat. Daar word niks gesê van wat *someone* doen nie. Die mens en die daad word geskei. Jou opdrag is om die mens lief te hê selfs al is hy jou vyand. Al hou jy nie van wat hy doen, of wat hy versuim om te doen nie, bly hy nog *someone*, 'n mens, en jou liefdesopdrag bly dieselfde. Hierdie *someone* is nog oppad, nes jy oppad is. Jou werk is om te vergewe, soos jy vergewe is, en om jou broer lief te hê.

2 September

**Ingebore**

**Remalia: Die Here vermeerder.**

*Na die geboorte---- in sondegeval,*

*Gered deur inkeer, veral.*

*Toe die geboorte - die wedergeboorte!*

*Ingebore deur die skeidingsgordyn,*

*Van Sy helse pyn,*

*Tot in die Vader se teenwoordigheid.*

*Gewas deur die bloed -----*

*Die bloed van die Lam.*

*Deur die skreeu: " Dit is volbring!"*

*Ingebore in Sy binnekring.*

*Eens, net eens, die Godsgeboorte,*

*Deur die ongeskeurde maagdevlies.*

*Ingebore in die aardse*

*Met hemelse verlies.*

*Gekeur--Gekies*

*Deur Sy hemelse verlies*

*Vir ons ewige uitverkies.*

3 September

## In U Naam

### **Ribai: Die Here rig.**

Baie gelowiges se verhouding met die Here, word gekenmerk deur die feit dat die mens, in die middelpunt van hierdie verhouding geplaas word. So word God eintlik in diens van die mens geplaas. Om jouself te toets of jy hieraan skuldig is, kan jy ondersoek instel na die gebed wat jy gewoonlik bid. Toets dan die gebed aan die kriteria van die Onse Vader wat Jesus vir ons as modelgebed gegee het. Is dit in jou gebedslewe ook soos in die Onse -Vader –gebed? Gaan jou gebed primêr in die eerste instansie oor lof aan God? Gaan jou gebed daaroor dat God se Koninkryk moet uitbrei, dat Sy wil bo alles moet geskied en nie jou wil nie? Bid jy dan verder en vra dat God vir jou, jou daaglikse brood moet gee? Bedoel jy in die eerste plek hiermee dat die Brood van die Lewe, Jesus Christus, vir jou die belangrikste is? Is ander prioriteite waarvoor jy dan ten opsigte van jouself intree, die vergifnis van sonde en die bede dat God jou nie vandag bo jou kragte moet toets nie.

In Johannes 16: 23 praat Jesus soos volg met Sy dissipels:

### **1953 vertaling:**

*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee.*

### **1983 vertaling:**



*Wat julle die Vader ook al in My Naam sal bid, sal Hy vir julle gee.*

### **Amplified:**

*I assure you, most solemnly I tell you, that My Father will grant you whatever you ask in My Name( As presenting all **I AM**)*

### **Die Boodskap**

*Wat julle ook al van My Vader vra om my saak in hierdie wêreld te bevorder, sal God vir julle gee.*

Die begrip *om in My Naam te vra*, het vir baie mense 'n probleem geword, in die sin dat die frase: **Om U Naams ontwil**, bygevoeg word by haas enige gebed en versoek tot God, asof hierdie frase magiese krag het om God te oorreed, om selfs die mees selfsugtige gebed te verhoor.

*Die Boodskap* stel die gees en ingesteldheid, waarin hierdie *Om U Naam se Ontwil* gesien moet word baie duidelik. Dit gaan naamlik om *die saak van Jesus in hierdie wêreld te bevorder*. Dit gaan nie oor die mens se belang en die mens se saak in hierdie wêreld, wanneer daar gebed word in *Jesus se Naam* nie. **Wanneer jy in Jesus se Naam bid, bid jy eintlik namens Hom**. Jy bid vir Sy belang asof dit Hyself is wat dit by God vra.

Wat kan dit verder beteken om *In Sy Naam* iets van die Vader te vra? Om die vraag te kan beantwoord moet ons iets meer van die Naam van Jesus en van die Naam van God weet.

*Jesus* is die Griekse vertaling van die Hebreuse *Josua*. *Josua* of *Jeshua* beteken *Die Here is Verlosser, Redder en Heil*. Ander name vir Jesus is *Christus* wat die Grieks vir *Gesalfde* is. Die Hebreuse *Messias* beteken ook *Gesalfde*. Benewens hierdie name word Jesus ook onder andere aangedui as: *Die brood van die Lewe, Die Lewende Water, Die Weg, Die Lewe, Goeie Herder, Die Ware Wingerdstok, Die Helder Môrester, Die Lam van God, Die Seun van God, Middelaar, Heilige van God* en nog veel meer. So wanneer jy namens Hom begin praat, of Namens Hom begin intree by Die Vader, is jy met 'n baie heilige en verantwoordelike taak besig. Hier is nie veel plek vir eiebelang en 'n geneul vir dinge wat jy in selfsug vir jouself begeer nie.

Vir die Naam van God is daar baie verwysings in die Bybel. Vir die Vader en die Seun is daar genoeg name in die Bybel om vir elke dag van die jaar ten minste een naam te vind, wat ons aan God en Jesus herinner. Dink in hierdie verband aan die volgende voorbeelde: *El Olam (Ewige God), El Eljon (Allerhoogste God), Elohim (Onbeperkte volheid van Krag), Elshaddai (God Almagtig)*. Wanneer ons in die Naam van God begin beweeg, begin ons 'n dimensie van kommunikasie betree wat gewoonlik nie deur 'n mens regtig begryp, en met die nodig ontsag hanteer word nie.

**Laat ons volgende keer wanneer ons in die *Naam van Jesus* met die Vader begin praat hierdie paar gedagtes in gedagte hou.**

4 September

## Insig en Uitputting

### Sabdiël: Geskenk van God.

My boetie, my sussie, was jy al moeg? So moeg dat dit vir jou gevoel het of jy nie jou hande kan ophig nie? So moeg dat jy eintlik moedeloos geword het? So moeg dat jy aan die slaap geraak het terwyl jy met 'n taak besig was? Die meeste van ons was al daar. Wat het jy met jou uitputting gedoen? Die meeste van ons byt maar vas, gaan slaap vroeër of kry een of ander stimulant om ons aan die gang te hou. Jesus, Hy wat ons gemaak het, het geweet dat daar sulke tye in ons lewens sal kom. Daarom het Hy in Sy Woord vir ons die volgende opgeteken:

*Almal wat vermoeid en belas is, kom na My toe en Ek sal julle rus gee. (Mat.11:28)*

Die wonderlike is dat hierdie uitnodiging vir **Almal** is, ook vir jou en my. Daarom moet jy weet, jy wat in jou uitputting voortworstel, jy het nie geluister nie, jy glo nie wat Jesus sê nie, jy wil nie van Sy uitnodiging gebruik maak nie. So word jou uitputting 'n simptoem van ongeloof en ongehoorsaamheid.

Goddelike insig in sake is baie soos uitputting. Wanneer jy nie genoeg insig het nie, weet dan dat jy die insig in jouself gesoek het, soos die uitgeputte siel sy krag in homself probeer vind het.

Om self insig in Goddelike sake te soek beteken dat jy van buite af kyk. Jy kyk met jou eie insig in die Goddelike verborge in. Hoogstens kan jy afleidings maak

van dit wat jy lees en hoor met jou eie beperkte insigte. Die enigste manier om werklik insig in God se sake te kry, is om in Jesus te bly. Wanneer jy in Hom bly kan jy met Sy gedagtes dink. Wanneer jy Sy woord lees, sal die gedagtes wat Hy om daardie woorde gekoester het ook in jou gestalte kry. Veel meer nog; jy kan ook met Sy hart voel, jou wil kan in Sy wil oplos, jy kan met Sy oë kyk, met Sy ore hoor en met Sy hande werk. So kry jy waarlik deel in Jesus, nie net in Sy gedagtes nie maar ook in die uitvoering van Sy gedagtes in jou daaglikse lewe. So sal jy jou eie swakheid, vermoeidheid en gebrekkige insig, oorkom.

**Sagaria: Die Here was gedagtig.**

Hierdie woord het geen betekenis nie, maar dit trek die aandag en 'n mens wonder daaroor. So dikwels gebeur dit dan ook dat wanneer 'n mens 'n mooi natuurverskynsel die eerste keer waarneem, dit 'n geweldige impak het. Na 'n week of twee of drie sien 'n mens die verskynsel dikwels nie eers meer raak nie. So gaan dit ook met die Woord van God. Sekere versies en gedeeltes het deur baie herhaling hulle impak verloor en 'n cliché geword. Sekere Godsdienstige begrippe het op dieselfde wyse hulle krag en impak verloor. Dit spreek mense net nie meer aan nie. Dink in hierdie verband aan woorde soos sonde, bekering, tiendes, redding, Joh. 3:16, liefde, moenie, kerk, ens.

Dit is slegs die Heilige Gees wat 'n mens hierdie woorde en begrippe nog kan laat hoor. Is dit moontlik om die bekeringsboodskap nuut te skryf op 'n manier, wat die mens wat dit hoor, weer daardeur aangespreek sal word? Kom ons kyk of ons iets aan hierdie uitdaging kan doen.

- 1. Hoor jy soms binne in jou iets, soos 'n stemmetjie wat met jou praat, en vir jou sê dat dit waarmee jy besig is nie die regte ding is om te doen nie? Voel jy soms 'n bietjie skuldig? Jy weet mos van die gewete waarvan hulle praat. Indien dit die geval is moet jy regtig baie bly wees, want dit beteken dat daar hoop vir jou is. Dit beteken dat jy nog nie so deur die lewe en*

*verkeerde dinge afgestomp geraak het, dat jy God se stem nie meer kan hoor nie.*

2. *Kom ek help jou 'n bietjie met hierdie ongemak, wat binne in jou is, oor die dinge wat jy voel nie reg in jou lewe is nie. Wil jy daarvan ontslae raak en sommer net kalm, rustig en gelukkig voel, so asof jy sommer net vrede met God en ander mense het? Indien wel moet jy verder lees.*

3. *Jy het mos al van God gehoor? Die Een wat alles gemaak het, ook vir jou. Ek wil jou iets van Hom vertel: Hierdie God is Iemand wat nog nooit iets verkeerd gedoen het nie. Kan jy dit glo? Nou ja dit is waar. Jy weet wat liefde is, nie waar nie? Dink maar aan jou pa, ma of ander familie wat baie lief vir jou is. Hier kan jy iets ontdek van God se liefde. God is baie lief vir jou, nog meer as daardie familie van jou. Ek wil vir jou 'n verhaaltjie vertel om iets van hierdie liefde van God vir jou te verduidelik. (Sien*

*asseblief 6 September)*

**Sagia: Met vlegwerk omhul.**

*Daar was 'n vader wat twee seuns gehad het. Die een seun was 'n regte niksnuut. Hy het dwelms gebruik, by slegte vrouens rondgeslaap, het gelieg en gesteel. Sy naam was Swartepiet. Die ander seun van die vader was weer 'n baie goeie mens. Hy het nooit iets verkeerd gedoen nie. Sy naam was Goeieseun. Die pa was vir albei seuns baie lief. Al het hy nie gehou van wat Swartepiet gedoen het nie was hy nog steeds lief vir hom gewees. Die pa was 'n baie regverdige persoon. Hy het geglo dat reg reg is, en verkeerd verkeerd is. Hy het ook geglo dat 'n mens, vir dit wat jy verkeerd doen, moet boet en gestraf word. Hy het geweet dat hy vir Swartepiet baie swaar sal moet straf. Hy was bang dat as hy hom sou begin straf hy hom so swaar sal moet straf dat Swartepiet dalk sal doodgaan van al die houe wat hy sal kry. Nietemin hy het besluit om Swartepiet te straf. Toe die ander seun, Goeieseun, hiervan hoor het hy baie jammer vir sy broer gevoel. Goeieseun het toe iets merkwaardigs gedoen. Hy het na sy pa toe gegaan en gesê: Pa ek voel so jammer vir Swartepiet. Hy het al so baie probleme in sy lewe gehad. Sal Pa my nie maar liever in sy plek straf nie? Die pa was nie verbaas oor hierdie versoek nie, want hy het die hart van sy seun geken. Hoe swaar dit ookal vir die pa was het hy tog aan die versoek van sy liefingseun voldoen. Daar was egter een ding wat Goeieseun as*

*voorwaarde gestel het en dit was dat as sy pa hom in Swartepiet se plek gaan straf, die straf wat hy gaan ontvang ook vir toekomstige dinge wat Swartepiet verkeerd sou doen, genoeg sal wees, sodat Swartepiet nie later weer gestraf sal hoef te word nie. Goeieseun het ook geweet dat sy vader so lief vir hom was dat as hy gestraf word, sy pa sommer ander mense ook sal oorsien vir wat hulle verkeerd teenoor die vader gedoen het. Goeieseun se versoek was vir die vader 'n redelike versoek. Hy het vir Goeieseun toe begin straf in die plek van sy broer. Soos die pa gevrees het, was die straf net te swaar en het Goeieseun onder al die houe beswyk. Swartepiet was so aangegryp deur die liefde van sy oorlede broer vir hom dat hy al sy nonsens gelos het. Weliswaar het hy weer soms foutjies gemaak maar die pa het dit oorgesien omdat Goeieseun ook vir daardie foutjies klaar geboet het.*

In hierdie verhaal is die vader 'n beeld van God, Swartepiet is ek en jy, mense wat vol sonde is en Goeieseun is Jesus die Seun van God.

Indien jy nog belangstel om van daardie ongemaklike gevoel, oor dit wat jy verkeerd gedoen het ontslae te raak, kan jy die res van die storie nou lees.



**Salmai: Beskerming is die Here.**

*In die begin van ons storie het ons gesê dat die pa 'n baie besondere persoon is. Hy was iemand wat enigiets kon doen. So het die pa dan ook, omdat hy so lief vir Goeieseun was, besluit om nadat Goeieseun drie dae dood was, vir Goeiseun weer lewendig te maak. Toe Swartepiet sy broer weer lewendig sien, het sy hele lewe verander. Dit was asof hy 'n nuwe mens geword het. Hy het anders oor dinge begin dink, hy het ander waardes gekry. Dit was nou vir hom lekker om mooi en goeie dinge te doen. Wanneer hy 'n fout gemaak het, het hy altyd daaraan gedink dat sy broer, Goeieseun, ook vir daardie oortreding gestraf is en kon hy met vrymoedigheid na sy pa toe gaan, en weet dat dit wat hy verkeerd gedoen het nie sy verhouding met sy pa nadelig beïnvloed het nie. Sy pa was so lief vir hom en elke keer as hy met berou, oor iets verkeerds, by sy pa kom sit het, het sy pa gedink aan wat Goeiseun gedoen het, en dan het hy vir Swartepiet sommer maklik vergewe. Goeieseun was dan ook teenwoordig en het maklik sy pa herinner aan dit wat hy vir sy broer gedoen het. Daar was soveel liefde en vrede dat baie van Swartepiet se drinkebroers en die wat slegte dinge saam met hom gedoen het ook begeer het om so 'n pa en so 'n ouer broer te kon hê. Hierdie pa se hart was ruim en hy het hom ontferm oor al hierdie ander mense wat ook jammer was oor wat hulle*

*verkeerd gedoen het. Hy het egter een voorwaarde gestel en dit is dat hulle moes aanvaar dat Goeieseun so swaar gestraf is dat hulle oortredings ook ingesluit kon word by dit waarvoor Goeieseun so swaar gestraf is. So het die pa hulle sommer as sy eie kinders aangeneem. Hulle kon hierna ook die vreugde en liefde, wat Swartepiet ervaar het, in hulle eie lewens deelagtig word.*

Ek en jy, die Swartepiete, in hierdie verhaal het ook soos Swartepiet die geleentheid om ons lewens om te keer. Ons kan ook soos Swartepiet dankbaar aanvaar dat Jesus, ons broer, in ons plek vir al die verkeerde dinge wat ons gedoen het, deur God, ons Vader, gestraf is. Jesus is so erg gestraf is dat Hy gesterf het, soos ek en jy weens al die straf vir ons sondes, moes gesterf het. Soos Jesus deur God die Vader lewendig gemaak is op die derde dag na sy afsterwe, kan ek en jy ook nuut begin lewe, omdat ons glo dat Jesus vir al ons sondes volkome geboet en gely het. Soos Swartepiet ‘n nuwe lewe begin leef het, omdat hy so dankbaar was dat sy Broer vir al sy sondes geboet het, kan ek en jy ook hierdie nuwe lewe, wat Jesus vir ons gee, begin leef. Weet en vertrou dat Jesus vir jou by God intree elke keer as jy met berou na Hom toe gaan.

**Eintlik is jy dood vir al wat sleg is, en lewe jy nou vir Jesus, omdat jy glo en weet dat hierdie verhaal ook vir jou geskryf is.**

8 September

## Getuienis oor insident by Stormsriviermond

*(18 November 2013)*

### Sama: God hoor.

By Stormsriviermond, naby Plettenbergbaai, is daar 'n lang hangbrug oor die Stormsrivier. Vir die brawes is daar 'n staproete, wat aangaan nadat jy oor die brug gestap het. Hierdie roete loop teen 'n steil berg uit na 'n uitkykpunt toe bo-op die berg. Die insident waarvan ek wil vertel, het op hierdie roete teen die berg uit plaasgevind. Op sommige plekke op hierdie roete is die berg so steil dat van trappies, wat teen die berg gemaak is, gebruik gemaak moet word. Die trappies is soms baie steil en is vergelykbaar met 'n leer. Die trappies is ook soms baie smal. Die trappies hou soms ononderbroke aan, so hoog soos twee tot drie verdiepings. Ruwe rotse en gevaarlike skerppuntklippe kom om en op hierdie trappies voor. Indien jy sou gly of struikel op die trappies gaan jy beslis baie ver val en jy gaan baie seerkry. My vrou stap gewoonlik voor, aangesien sy beter as ek kan sien en in die verlede ons al moes gewaarsku het vir slange. Op die betrokke dag, waarna ek wil verwys, het ons teen die berg uit geklim met die trappies op tot by die uitkykpunt. Ons was moeg en het besluit om dadelik weer af te klim. Skielik het ek, teen ons gewoonte in, 'n behoefte ervaar om voor te stap met die afklimslag. Ons het ons posisies verander en ek was voor met die afkomslag. Ek het eerste begin afklim, by die gevaarlike bykans loodregte trappies af, met my vrou wat so 'n meter of wat agter my gevolg het. Ons het net begin om af te klim, met die

volle lengte van die krans nog ondertoe, toe die insident plaasgevind het. Ek het net 'n skreeu gehoor en het net tyd gehad om om te draai toe my vrou besig was om vooroor te val. Haar voet het seker aan iets vasgehaak. Haar momentum van bo af moes my, met haar bo-op my, agteroor laat val het. Ek sou kop eerste met haar bo-op my agteroor by die trappe afgeval het. Daar was baie gevaarlike rotse en uitstaande klippe en my rug en nek sou sekerlik gebreek het. Wat van my kop oor sou gewees het, weet ek nie. My vrou se kerie, wat in die proses uit haar hande geval het, het ver onder ons aan die voet van die krans gelê.

Toe ek haar hoor skreeu en omdraai was sy, soos ek reeds gesê het, besig om met haar volle gewig van bo-af op my te val. Ek moes agteroor teen die krans af geval het.

Hier kom nou my getuienis van hoe God ons wonderbaarlik gehelp het. Op daardie oomblik toe my vrou van bo-af op my val, het ek net my arms oop gemaak en sy het binne in my arms geval. Dit het vir my gevoel of twee reuse hande agter my inskuif en my stut. Die Stut agter my was so stewig dat dit soos 'n Muur gevoel het waarteen ek geleun het. Ek kon net nie agteroor val nie. 'n Groot kalmte was om ons. Ek het haar val kon stuit en die Here het ons gesamentlike val gestuit. Ons het net vir 'n rukkie gerus en vir Hom dankie gesê, voordat ons stadig afgeklim het na haar kerie toe wat ver onder ons, aan die voet van die krans, gelê het.

**Hierdie insident het my laat dink aan Jesus wat na hierdie aarde toe gekom het. Hy het gekom om ons groot sondeval, wat tot in die afgrond van die hel sou gewees het, te keer. Sy deurboorde hande het ons val gestuit. Dankie, tot in alle ewigheid toe, dierbare Jesus.**

9 September

## Jibneja

### **Samserai: Die Here behoed.**

Die Hebreeuse *Jibneja*, beteken: *Die Here bou.*

Wanneer mens hierdie woorde lees dink jy onwillekeurig aan Psalm 127: 1

*As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou tevergeefs.*

Die Here is altyd iewers in ons besig met 'n bouproses. Aanvanklik het die Here ons in ons moeder se skoot, sel vir sel gebou. Later het Hy ons liggame opgebou tot 'n lewende huis vir Sy Gees se inwoning. Hy het ons ervarings opgebou, Hy het ons karakter gebou-, dikwels deur pyn en lyding. Hy het ons geloof in Hom opgebou deur Sy goedheid en deur kennis van Sy Woord. Hy het toegelaat dat ons ook kon bou volgens ons keuse. (I Kor. 3: 11 tot 13) Ons kon aan ons verhouding met Hom bou of ons kon aan ons eie belange bou. Gewoonlik het ons verkies om 'n groot muur van sonde tussen Hom en ons te bou. Hy het van ons gevra om Hom die hoeksteen van ons lewensgebou te maak, en om op die rots van Geloof in Hom te bou. Dikwels het ons gekies om op die sand van ons eie oordeel, bekwaamheid en talente te bou, met ons eiebelang as hoeksteen.

Ons grootste troos is dat Jesus belowe het dat Hy vir ons wonings gaan bou in die hemel en dat Hy, wanneer alles gereed is, ons kom haal om saam met Hom in hierdie wonings te gaan woon.

Indien ons belangstel om in hierdie wonings, wat nie deur mensehande gebou word nie, te gaan woon, sal ons, ons bouwerk ook in orde moet kry. Ons sal eers moet afbreek dit wat ons met selfsug vir en deur die self opgebou het. Soos Jesus gesê het ons sal onself eers moet verloën. Hierna sal ons dit wat ons verkeerd opgebou het in ons lewens, voor Hom moet bely. Geloof in Sy verlossing en vergifnis sal moet opgebou word. So sal Hy dan die hoeksteen van ons ewige lewenshuis word. Ons groot troos bly egter in hierdie woord:

*Jibneja.*

10 September

## Jeberégja (1)

(Die Here seën)

### **Sealtiël: Ek het God gevra.**

Ou oom sê, vir solank as wat hy kan onthou, het sy ma hom geseën. So was daar ook baie ander persone wat hom deur die jare geseën het. Dit het gewoonlik plaasgevind op sy verjaarsdag, met Kersfees en Nuwe Jaar en soms wanneer hulle vir hom geskryf het. Hy het nog baie van hierdie kosbare geskrifte in sy besit. Sy ma is nou al 13 jaar oorlede en so ook baie van die ander wat hom geseën het, maar hy weet dat die Here nog steeds besig is om hulle seënbedes vir hom te verhoor.

Lank terug het die mense eers die seën gevra voordat hulle begin eet het en na die ete het hulle met 'n dankgebed afgesluit. Vandag is dit meer algemeen om die seën en danksegging gelyktydig voor die ete te doen. Om die seën af te bid kom dus nog algemeen in ons kultuur voor.

Dikwels is dit al wat die boemelaar het om vir jou te gee, wanneer jy goed aan hom of haar gedoen het, naamlik om jou te seën.

Paulus het bykans al sy briewe aan die gemeentes met 'n seëngroet begin. Hy sluit dan ook sy briewe met 'n seënwens af.

Seën is 'n integrale deel van die Bybel. Die Bybel vertel eintlik die groot verhaal van God se seën oor die mens. So kom die woord *seën*, volgens die konkordansie



vir die 1953 vertaling, 99 keer in die Bybel voor. **Nege en negentig bestaan uit drie maal drie en dertig.** Dit is asof die Goddelike Drie-eenheid in hierdie getal tot openbaring kom.

Die seën waarmee God aangedui het dat Aäron die Israëliete moes seën, is seker een van die algemeenste seënbedes wat in ons kerke uitgespreek word. Hierdie seën kom in *Numerie 6: 22* voor. Die konstruksie van hierdie seën is absoluut Goddelik. Die seën is bykans 3000 jaar gelede ingestel en die wonder daarvan is dat ons vandag nog ,net soos Israel van ouds, hierdie seën van God ontvang. Soos Aäron met opgehewe hande hierdie seën uitgespreek het word dit vandag nog gedoen.

In die 1933 vertaling kom dit soos volg voor:

*Die Here sal jou seën en jou behoed;*

*Die Here sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;*

*Die Here sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.*

In die 1953 vertaling word dit so weergegee:

*Die Here sal julle seën en julle beskerm;*

*die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;*

*die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*

In die *Boodskap* word hierdie seën soos volg vertaal:

*Die Here sal julle seën en julle oppas*

*Die Here sal met deernis na julle kyk en baie goed vir julle wees.*

*Die Here sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee.*

In die *Amplified Bible* kom dit soos volg voor:

*The Lord bless you and watch, guard, and keep you;*

*The Lord makes His face to shine upon and enlighten you and be gracious*

*(Kind, merciful, and giving favor) to you;*

*The Lord lift up His (approving) countenance upon you and give you peace*

*(tranquility of heart and life, continually).*

11 September

## Jeberegja (2)

### Sebadja: Die Here gee.

Wat 'n wonderlike voorreg moet dit nie wees, vir die wat Hebreeus kan lees, om Aaron se seënbede in die oorspronklike taal te kan lees nie.

Ons weet net dat, soos reeds gesê is, die konstruksie van hierdie seën in die oorspronklike taal iets goddeliks is. Wanneer God dig kan ons maar net in verwondering luister.

**In die oorspronklike vertaling bestaan hierdie seën uit drie sinne, elk met twee dele. In die drie sinne kom die Naam van die Here altyd as tweede woord van die sin voor. Die eerste sin bestaan uit 3 woorde, die tweede uit 5, die derde uit 7, altesaam 15 woorde. Die uitbreiding van 3 tot 7 is sistematies: in die tweede sin kry die eerste sinsdeel 2 woorde by, in die 3de sin kry die tweede sinsdeel ook 2 woorde by. Die seën bou op tot by die laaste woord: *Vrede*. As die Naam Here, wat 3 maal voorkom, afgetrek word, het die seën 12 woorde, volgens die twaalf stamme van Israel.**

Die Israeliete sou in die Naam van die Here, wat 3 maal voorkom, die volheid van die seën ervaar. (Bybelse Ensiklopedie p. 4)

Nog 'n seën wat algemeen in ons kerk gebruik word is die een wat Paulus in 2 Korintiërs 13 gebruik:

**1953 vertaling:**

*Die genade van die Here Jesus Christus*

*en die liefde van God*

*en die gemeenskap van die Heilige Gees*

*sal met julle wees.*

**Die Boodskap:**

*Die goedheid van die Here Jesus Christus,*

*Die oorvloedige liefde van God*

*en die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees*

*is by julle almal.*

Daar is nou reeds dikwels oor die woord *seën* geskryf. Maar wat beteken die woord nou regtig? Volgens Afrikaanse verklarende Woordeboeke kan die volgende betekenis aan die woord geheg word:

*Heil*

*Voorspoed*

*Die verwagting dat iets sal slaag*

*Om Gods guns oor iemand af te smee*

*Die blyk van guns van 'n Hoër Mag*

*Voorspoed en geluk toewens*

*Loof en prys*

*Guns en beskerming gee aan----*

*Ruim voorsien*

Benewens die woordeboekbetekenis het ons ook al gesien dat die Aäronietiese seën en die seën wat Paulus gebruik, die volgende kan insluit:

*God behoed jou en beskerm jou*

*God betoon genade aan jou*

*God gee jou vrede*

*Hy pas jou op*

*Hy kyk met deernis na jou*

*Hy wil vir jou goed wees*

*Hy beantwoord jou gebede*

*Die Here Jesus Christus betoon genade aan jou*

*God het jou lief*

*Die Heilige Gees is by jou*

12 September

### Jeberegja (3)

#### **Sebanja: Die Here het teruggebring.**

Vir ons het woorde nie dieselfde betekenis as wat dit in die tyd gehad het toe God die seën ingestel het nie. In die vroeë tyd was die uitspraak van 'n woord, soos by hierdie Seën, altyd iets skeppends. Woorde was dan altyd 'n produktiewe handeling. Die uitspraak van 'n seën het dan 'n uitwerkende krag vir die betrokke gehad. So is die spreke van God skeppende spreke. So word God se spreke en Sy werk feitlik parallel en identies gestel, byvoorbeeld soos in Genesis 1: *Laat daar lig wees*. Die Hebraëuse woord *dabar* beteken dan sowel die woord as die saak wat deur die gesproke woord aangedui word. Die gesproke woord is 'n lewende gebeurtenis. Soos *dabar* in die Ou Testament dui die woord *Logos* in die Nuwe Testament die *woord wat in daad openbaar word*, aan.

So is die woord van seën:

*Lewend (Hebr. 4: 12)*

*Werksaam (1 Kor. 1:18)*

*Dit groei (Hand. 6:7)*

Die hoogtepunt van die Woord is dat Christus nie slegs die Woord van God *heet* nie maar ook dat Hy die Woord van God *IS*. So kom ons onder die indruk van die krag van die seën wat nie net woorde is nie, maar die praktiese inwerkingtreding van die woord is. Voor soveel genade en liefde kan ons net in stille eerbied en

ontsag buig, wanneer Sy gesant hierdie wonderlike woorde van Seën, Sondaë oor ons uitspreek. Al gaan ons vir geen ander rede kerk toe nie, kan ons maar net gaan om deur Hom geseën te word. Wat is dan mooier as om hierdie pragtige woord te onthou:

***JEBERÈGJA- Die Here seën- ook vir jou !***

13 September

Johannes 12: 24 tot 26

**Sedekia: Die Here is my Geregtigheid.**

Jesus sê:

***Dit verseker Ek julle:*** (Jesus lê baie klem op dit wat Hy nou gaan sê. Dit is asof Hy net nie genoeg die erns van die saak kan beklemtoon nie) ***As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie.....*** Hierdie afsterwe is waar van Jesus en van die mens. Jesus sou sterf en opstaan. So sou Hy in die offer wat Hy bring, ewige lewe aan baie mense gee.

Ook die mens sal moet sterf aan homself indien hy die lewe van Jesus in homself wil ontvang. Die koringkorrel word van bo na onder laat val. So sal die mens ook van sy hoë troon van selfverheffing moet afval tot onder by selfverloëning. Nie net tot onder nie, maar tot onder die grond, wat ook waar is van die liggaam se sterwe, voor die opstanding plaasvind.

Die groot val van die mens sal egter eers met sy eie grootheidswaan te make hê. As 'n mens nie aan homself sterf nie, is dit onmoontlik om agter Jesus aan te kom. Ons lot as Christene is die van ewige kruisdraers, veral die kruis van selfverloëning.

Indien 'n koringkorrel iewers in 'n glaskassie neergesit word is die enigste nut daarvan dat dit vir 'n rukkie snaaks sal wees, en daarna sal mense dit nie eers meer raaksien nie. Die koringkorrel sal geen nut hê nie. Dit is eers wanneer die



koringkorrel in die grond tot niet gaan, dat God lewe in die koringkorrel gee, dat dit uitspruit en selfs kan begin om koringkorrels voort te bring.

Alleen in Jesus se dood, kon Hy opstaan in 'n nuwe lewe. Deur Sy dood en opstanding het Jesus die offer vir ons sondes gebring. Hierdie offer maak ons vry van die straf wat op ons sondes moes neerkom. So het Jesus lewe vir miljoene mense gebring. Sy dood het 'n groot oes opgelewer.

Hierdie proses geld ook vir die mens. Wanneer die mens aan homself sterf, en in Jesus begin lewe, kan hy uitgaan en baie dissipels vir Jesus inbring, ***maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit (Joh.11:25)***; Dit is dan die koringkorrel wat in die vertoonkas gebêre is, sonder vrug of doel.

14 September

## Kan God verander?

### Sedeur: Die Almagtige is Lig.

Meer spesifiek, kan God se moraliteit verander? Kan iets vandag vir Hom verkeerd wees en môre weer reg wees? Dit is tog ondenkbaar. Hy is tog ons onveranderlike God. Juis in Sy onveranderlikheid is ons sekuriteit opgesluit. Wanneer God in Levitikus sê dat Hy iets haat, kan ons dus aanneem dat Hy dit 3000 jaar later nog haat. Kom ons kyk na een van die dinge wat God haat:

*Levitikus 18: 22:*

*‘n Man mag nie seks hê met ‘n man nie. Die Here haat dit (Die Bybel vir Almal).*

Wat is die gevolg indien die mens hom nie aan hierdie woorde van God steur nie?

*Levitikus 18: 25, 27 en 28.*

*Want die mense wat voor julle hier was het al hierdie dinge gedoen wat Ek haat, en die land het toe onrein geword. Die land sal julle ook wegjaag as julle die land onrein laat word.*

In Suid Afrika is homoseksualisme gewettig. Ons regering keur dit goed. Mense van dieselfde geslag mag selfs met mekaar trou. In 2015 het die grootste Afrikaanse Kerk, Die NG. Kerk, op ‘n sinodesitting, verklaar dat homoseksualisme nie sonde is nie.

Is dit dan snaaks dat ons land onrein geword het? Is dit snaaks dat God ons land straf? Is dit snaaks dat miljoene mense ons land verlaat, dat die land ons wegjaag? Is dit snaaks dat ons ekonomie in duie stort, dat ons handelsbalans so dramaties verswak, dat ons deur hitte, vloede en droogtes geteister word, dat ons onderwys die swakste in Afrika is, dat ons egskeiding van die hoogste in die wêreld is, dat ons land en sy mense so siek geword het?

**Sefanja: Die Here het verberg.**

Die menslike liggaam bestaan uit baie kanale. So deurtrek die bloedvatstelsel die hele liggaam. Die senuweekanale dien as kanale vir senuwee-impulse. Die dermkanaal vervoer verwerkte voedsel, die spysverteringskanaal bestaan uit verskillende komponente maar dien ook as deurgangskanaal. Dan is daar nog meer ingewikkelde kanale wat voorsiening maak vir die oordrag van chemiese stowwe en elektriese impulse. In kort, kan gesê word dat die liggaam een groot kanaal is. Enige verstopping of onderbreking iewers in hierdie kanaal het gewoonlik katastrofiese gevolge soos 'n hartaanval, beroerte of geestesversteurings. Dikwels loop verstoppings of onderbrekings uit op die dood van die liggaam. Soos kanale geleidelik verstop raak word die kwaliteit van lewe vir die organisme dan ook nadelig beïnvloed.

Die mens is nie net 'n fisiese kanaal nie. Hy is ook 'n geestelike kanaal. Baie van die dinge wat vir die liggaam as kanaal geld, geld ook die geestelike aspekte van die mens. Soos die fisiese kanale eintlik die essensie van die liggaam is, so is die geestelike kanaal die essensie van die mens se geestelike bestaan. Wanneer die kanaalaspek van die geestelike mens weggeneem word bly daar niks oor nie. Die geestelike mens is nie die bron van krag nie. God is die bron van Krag. Die mens is hoogstens die kanaal waarlangs hierdie krag beweeg. Daarom kan die mens ook nie in arrogansie vir krag vra nie. Wanneer die mens vir krag vra is dit asof

die mens die primêre faktor geword het. Dit klink of dit eintlik oor die mens gaan asof hy alles kan vermag en asof hy soms net so 'n bietjie hulp van God af nodig het. Wanneer die geestelike kanale verstop raak deur sonde, begeerte, ongehoorsaamheid, eie ek en bekommernis, word die geestelike funksionering ernstig benadeel. Wanneer die geestelike kanale verstop raak, sterf die geestelike mens net soos sy fisiese liggaam sterf wanneer die fisiese kanale verstop raak.

16 September

Karwag

**Sefatja: Die Here het geroordeel.**

Jesus leer ons om te vergewe, soos in die Onse Vader gebed (Mat. 6:9) vir ons opgeteken. Vergifnis word ook beklemtoon in gelykenisse soos die van die skuldenaar se skuld van miljoene wat deur die koning afgeskryf is. Die skuldenaar wou egter nie die persoon wat hom geskuld het, se bietjie skuld afskryf nie (Mat. 18:30). Telkens kom hierdie beginsel weer voor in die Bybel. God gee genade, en Hy verwag van ons om Sy voorbeeld te volg.

Dikwels oorlaai Hy ons met seëninge en word van ons verwag om 'n bietjie van daardie seëninge met ander te deel. Neem nou maar die volgende ware gebeurtenis as voorbeeld van hoe ons soms jammerlik in gebreke bly om hierdie beginsel toe te pas:

*'n Sekere kind van God het op 'n dag besondere seën van die Here ontvang. Hy het dorp toe gegaan, maklik parkeerplek gekry, in die bank is hy gou gehelp, 'n swart vrou het vir hom haar pen gegee omdat hy nie 'n skryfding gehad het nie, hy het genoeg geld gehad om vir 'n heerlike lang vakansie 'n deposito by die bank in te betaal en geld was die laaste ding waarvoor hy hom bekommer het. Toe hy by sy motor kom, was die karwag byderhand vir sy footjie. Om een of ander rede het hierdie man nie aan al sy seëninge gedink nie. Hy het net geweier om die karwag iets te gee, ongeag die smekende uitdrukking in die karwag se oë.*

Hoe is so iets moontlik? Kan 'n mens so hard wees. Kan 'n mens so ondankbaar wees? Kan 'n mens so blind wees vir dit wat God vir jou doen en wat van jou verwag word?

Hoe sal 'n mens tog by die volgende woorde in 1 Tim. 6: 17 verbykom?

*Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. 18. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, **vrygewig en mededeelsaam**. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms sodat hulle die ware lewe sal verkry.*

**Seganja: Woning van die Here.**

Baie mense glo vandag nog in satan se leuens. Dit wil sê leuens, soos die een wat hy in die paradys aan Eva verkondig het. Een van hierdie leuens wat vandag nog baie gewild is, is die leuen dat 'n mens goddelik word deur kennis te vermeerder. Satan het mos aan Eva belowe dat sy soos God sal wees deur alles te ken indien sy net van die verbode vrugte sou eet. Vandag, 6000 jaar later, word kennis nog steeds naarstigtelik nagejaag in die verwagting dat ons onself sal vergoddelik deur meer te weet. Nooit kry die mens genoeg van kennis nie. Elke dag moet sy kennis opgedateer word, deur onder andere, die media se stories slaafs in te neem. Indien jy baie kennis kan versamel en bewys daarvan kan lewer, sal die mense jou vereer met 'n titel. Hierdie bewys van kennis is vir die mens baie belangrik. So dryf die drang om meer te weet die mens eindeloos voort. Hy kry net nooit genoeg nie. Die gewone mens se behoefte aan kennis, word gewoonlik daaglik deur die lees van 'n koerant en die kyk na televisie, bevredig.

Kan dit wees dat God hierdie basiese swakheid van die mens so goed geken het, dat Hy gekies het om Homself in Sy drie-eenheid nie voluit kenbaar vir die mens te maak nie. Indien ons Hom ten volle kon ken sou ons nie met daardie kennis tevrede gewees het nie. Nee, nadat ons God ten volle leer ken het sou ons net na die volgende kennisobjek toe aanbeweeg het. So sou Hy dan net nog een van die dinge, waarvan ons baie weet, kon word. God stop sodoende die mens in sy



onversadigbare soeke na meer kennis. God, Jesus en die Heilige Gees is nie vir die menslike verstand omvatbaar nie. Wanneer ons die Goddelikheid ten volle wil ken en verklaar, raak ons gou in God se kompleksiteit verstriek. So word die leuen van satan dan geopenbaar. Ons kan nie ten volle ken nie. Ons kan nie soos God wees nie. Ons is beperk. Ons is mens en God is God. Ons kan nooit soos God wees deur alles te weet nie.

Wanneer die mens die leuen van satan begin ontdek, ontstaan die moontlikheid om by God se waarheid uit te kom. God het 'n ander pad vir ons aangedui waardeur ons soos Hy kan word. Nie net kan ons soos Hy word nie maar moet ons soos Hy word. Satan het die mens bedrieg deur die kennisaspek van God vir die menslike strewingslewe uit te sonder. Daar is egter ander dimensies waarin God wil hê dat ons soos Hy moet word. Ons moet soos Hy word in liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, goedhartigheid, geduld, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Die pad hierheen loop nie via die mens se verstand nie maar deur sy hart. Alleen die mens wat 'n nuwe hart van Jesus gekry het, is instaat om soos God te word in hierdie aspekte. In teenstelling met kennis wat deur die mens se eie pogings verwerf word, is die hartsverandering iets wat God vir die mens doen en wat die mens van God ontvang. God noem dit genade. Die enigste manier waarop die mens hierdie genade kan ontvang is deur sy eie onderwerping, die aanvaarding van God se genade en die oorgawe van die eie ek. Daarby kom nog

die eis van 'n vaste vertrouwe dat dit wat God gedoen het, genoeg is vir die mens se redding en vrymaking, veral van homself en sy eie pogings.

Waar pas jy in hierdie prentjie in?

Is jy nog met satan se kennisleuens besig of het jy jouself al so oorgegee dat God jou met hartsverandering soos Homself kan maak? Snaaks, maar as jou hart nuut geword het, sal jou gedagtes ook nuut word. Jy sal kennis hê wat vroeër vir jou verstand versluier was. Jy sal God nie ten volle kan ken nie maar jy sal genoeg weet. Jy sal weet wat vir jou redding nodig is.

**Seharja: Oggendgloed is die Here.**

Vir baie mense is Gal. 2: 19 en 20 die kernvers van hulle geestelike bestaan op hierdie aarde. Kom ons kyk na hierdie gedeelte soos dit in die 1983 vertaling van die Bybel opgeteken is:

**Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.**

Alleen die persoon wat hierdie ervaring gehad het, sal weet wat die diepte en rykdom van hierdie woorde behels. Om saam met Christus gekruisig te wees beteken onder andere dat die eie ek, die self, gesterf het. Dit beteken ook dat die reste van die eie ek, wat elke nou en dan weer wil opstaan, voortdurend gekruisig moet word. Verder beteken dit dat Christus dinge in ons lewens mag toelaat wat vir ons heel onaangenaam mag wees, om te help om die eie ek te kruisig en ons los te maak van dinge wat die ou mens aan die lewe wil hou. So mag ons gestroop word van alles wat vir ons in hierdie wêreld dierbaar en van waarde is. Wanneer ons dan leeg en gestroop van die self en aardse bindinge is, is ons gereed vir Christus se invulling met Homself. Dan kan Christus in ons begin lewe. Dan kan Hy Sy wil, ons wil begin maak. Dan kan Hy ons gewillig en bekwaam maak om Sy wil te doen. Dan kan Hy Sy liefde deur ons na ander toe laat uitreik. Dan kan Hy ons Sy vrede gee en die vrede as salwing na ander toe laat deurwerk. Ook Sy

blydskap kan dan deur ons vir ander ontsluit word. Dan sal ons ook met Sy vergifnis, ander kan vergewe.

Daar is egter een kernvoorwaarde indien Christus se lewe in en deur ons moet werk. Ons moet Hom **toelaat** om dit te doen en vir ons alles te wees. Soos ons die Heilige Gees toelaat om ons te **lei, te beheer en te bestuur** moet ons Jesus toelaat om alles wat Hy wil, soos Hy wil, wanneer Hy wil en hoe Hy wil deur ons te doen. Dit sal van ons vra om **alles** oor te gee om die sprong van **Reckless Abandonment** in Sy arms in te maak.

Hierdie dinge gebeur nie eenmalig nie, maar kan 'n lewensproses wees wat op 'n daaglikse basis plaasvind. Ons troos te midde van die groeiproses, is in die feit dat ons, ons in Hom kan verbly

**Salemja: *Vrede en vreedzaam is die Here.***

**Wat is die kernboodskap van die Bybel?**

Jesus is die Seun van God. Omdat God regverdig is kan Hy jou sondes nie net ongestraf laat verbygaan nie. Om regverdig te wees moet dit gestraf word. Normaalweg sou die mens vir sy sondes gestraf word, deur hom vir ewig in die hel te gooi waar hy onuitspreeklike smart en pyn vir ewig sal verduur. God het jou lief en wil jou graag hiervan spaar. Miskien wonder jy oor hoe jy van die straf vir jou sondes kan ontsnap. Miskien dink jy oor wie bereid sal wees om die boete vir jou oortredings te betaal? Amper soos ‘n verkeersboete wat jy kry vir ‘n spoedoortreding. Dit is nou hier waar Jesus ter sprake kom. Omdat Hy geen sondes ooit gedoen het nie, het God besluit om Hom, Jesus, in jou plek te straf. Al jou sondes word dan deur Hom op Homself geneem asof Hy dit gedoen het. God het Jesus toe in jou plek gestraf. God het Hom, Sy Seun, verskriklik gestraf. Hy het toegelaat dat hy uit die hemel na die aarde toe gestuur word. So kom Jesus as ‘n babatjie in die wêreld in—die Seuntjie van Josef en Maria. God het toegelaat dat die Heilige Gees Maria bevrug. So groei die Seun van God op as ‘n gewone seuntjie en doen hy al die dinge wat seuntjies doen, behalwe sonde. Hy word groot en werk by Sy aardse vader in ‘n timmermanswinkel. Toe Hy dertig jaar oud was, begin Hy preek en begin Hy die mense vertel wie Hy regtig is en waarom Hy na die aarde toe gekom het. Baie mense het hom geglo, soos ek hoop

jy Hom ook sal glo. Na drie jaar het die tyd aangebreek dat Jesus in jou plek vir jou sondes moes begin boet. Nou moes Hy begin om jou boete te betaal. God het toegelaat dat hy baie verneder word, dat hy wreed geslaan word, totdat Hy baie gebloei het. Mense het van dorings 'n tipe kroon gemaak en toe die doringkroon op Jesus se kop vasgedruk. Kan jy jou die pyn voorstel? So moes Jesus nog verder baie vir jou sondes ly want Hy moes die volle boete betaal om jou vrygespreek te kry. Toe het hulle vir Hom 'n swaar kruis gegee om te dra na die plek toe waar Hy gekruisig moes word. Weet jy wat kruisig beteken? Dit beteken hulle slaan jou vas aan 'n houtkruis. Die spykers deur jou hande gaan presies op die punt deur waar die senuwees die meeste gekonsentreer is. Dink aan tandpyn, dink aan 'n geroeste spyker waarmee in die senuwees van 'n tand gekrap word en jy kry 'n klein bietjie van 'n idee van die pyn wat Jesus vir jou sondes moes verduur het. Nouja, altwee hande is so vasgeslaan. Dan kom die voete. Jy weet mos van daardie baie sensitiewe deel bo-op die brug van die voet? Op daardie senuweebol het hulle die spykers deurgeslaan. Geen mens kan werklik 'n denkbeeld vorm van die pyn wat dit moes veroorsaak het nie. Die kruis is nou opgetrek en Jesus het begin hang. Wanneer iemand so gehang het, het hy dadelik begin versmoor, en die enigste manier om bietjie asem te kon kry, was om jou aan jou hande, jou deurboorde hande, op te trek en jou op te stoot van jou voete af, van die deurboorde voete af. Kan jy jou in hierdie ontsettende pyn en benoudheid indink. So het jou Jesus 6 ure lank aan die kruis die helse smarte en pyn vir jou verduur. Dit alles net dat jy nie in die hel self vir jou sondes moes

betaal het nie. Genadiglik het Jesus om drie-uur die middag gesterf en was Sy lyding, in jou plek, verby. Die volle prys, die volle boete is betaal. Na drie dae het God, Jesus uit die dood opgewek en veertig dae later het Jesus opgevaar na God toe. Hier by God het Hy weer Sy gewone plek aan die regterhand van God ingeneem. Sedertdien sit Hy daar en tree Hy soos 'n advokaat vir ons by God in. Elke keer wanneer ons jammer is oor ons sondes en vir Jesus vra om ons te vergewe tree Jesus vir ons by God in. Hy herinner dan vir God dat Hy vir al ons sondes aan die kruis volledig boete gedoen het. God vergewe elke keer want dit is vir Hom kosbaar wat Sy Seun, Jesus, vir ons gedoen het. Die prys wat Jesus vir ons sondes betaal het is vir God kosbaar. Hy beskou die lyding , smarte, dood en opstanding van Jesus as voldoende betaling vir ons sondes; nie net vir ons sondes nie maar ook as voldoende betaling vir alle sondes van alle mense oor alle tye--- ook vir jou sondes ---al jou sondes. Kan jy hierdie boodskap vir jouself **vat**? Hier is dit. Dit is gratis. **Vat** dit en weet en glo dat jy die Ewige Lewe nou gekry het.

**Selomi: Die Here is vrede.**

As jy hierdie voorafgaande gedeelte glo, dit vir jouself vat, en weet dat dit waar is, kan jy rustig wees en weet dat al jou sondes vergewe kan word. Nou wat moet jy nog verder doen vir jou vergifnis van sonde en om die Ewige Lewe te ontvang?

**Doen die volgende:**

Kom na Jesus toe in die gebed. Noem die sondes waarvoor jy vergifnis soek, al jou sondes, selfs die uit die verre verlede. Sê vir Hom dat jy jammer is oor die spesifieke sonde of sondes. Vra Hom om jou te vergewe, aangesien Hy reeds vir al jou sondes geboet het. Bly dan dankbaar en aanbiddend voor Hom. Sê ook vir Hom dankie dat Hy vir daardie sondes van jou geboet en betaal het. Indien jy Sy verlossing van sondes vir jouself aanvaar, weet dan dat jy vergewe is. Jy het nou klaargemaak met die sondes van nou en van die verlede en jy moet opreg probeer om dit nie weer te doen nie. Gestel dat jy tog weer sondig dan kan jy hierdie versie voor in jou Bybel skryf:

**1 Johannes 2:1**

*Dit skryf ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie, En as een van ons sondig----- ons het Jesus Christus, die Regverdige, as ons Voorspraak by die Vader.*



Indien jy oor hierdie wonderlike boodskap begin nadink, sal jy miskien wonder oor die rede waarom God soveel moeite vir jou gedoen het. Wat het God gemotiveer om Sy Kosbaarste vir jou sondes te laat offer?

Daar is net een antwoord, naamlik *Liefde*. God het jou oneindig lief want sien, Hy het jou gemaak en weet alles van jou af. Hy weet selfs hoeveel hare op jou kop is. (Jy sal al hierdie dinge in die Evangelie van Johannes lees ). Jy is vir Hom kosbaar. Saam met die vergifnis wat Jesus so swaar vir jou verdien het, gee God nog iets, naamlik Sy liefde. Sy vergifnis en Sy liefde vir jou loop hand aan hand. Wanneer jy nou Sy liefde saam met sy vergifnis ontvang, en dit vir jouself aanvaar, sal jy vind dat jy met hierdie liefde wat Hy vir jou gee, Hom graag meer wil liefhê. Daar sal so baie van Sy liefde in jou wees dat jy nog liefde sal oorhê en selfs die mense wat jy elke dag mee te doen het, ook sal kan liefhê.

**Selumiël: God is my vrede.**

Die manier waarop jy geleef het, voordat jy Jesus geleer ken het, sal nou verander. Toe het jy mense altyd verantwoordelik gehou vir wat hulle doen- amper soos ‘n polisieman wat oor hulle lewens waak. Dit was asof jy jou die reg toegeëien het om ander te oordeel. Jy het jouself regter van ander gemaak. Ook oor hierdie ding het God ‘n uitspraak in die Bybel. Hy sê in Matt. 7:1: *Moenie so gou foutvind nie. As jy ander mense links en regs veroordeel, gaan God eendag presies dieselfde met jou doen. Vers 5: Jou skynheilige! Haal eers die die houtstomp uit jou eie oog uit, dan sal jy goed genoeg kan sien om daardie klein splintertjie uit jou vriend se oog te haal.*

Omdat God so vol liefde is, verwag Hy van ons om, wanneer ons Sy liefde saam met Sy vergifnis ontvang, ook vol liefde te wees. Daarom sê Hy in Matt. 5: 44: *Ek sê vandag vir julle dat julle ook julle vyande moet liefhê. Bid vir almal wat julle laat swaar kry en julle vervolg.* So ‘n ingesteldheid is baie ver weg van onvergewensgesindheid, kritiek en oordeel.

Ons is so dikwels op haat en vergelding ingestel wanneer iemand ons te na kom in plaas van om te vergewe. Van hierdie dinge sê God die volgende in Matt. 5: 22: *Maar Ek sê vir julle dat iemand wat vir sy medemens kwaad is al klaar ‘n moordenaar is. So iemand moet in die hof aangekla word. Iemand wat sy medemens uitskel vir ‘n gek moet self voor die hooggeregshof gedaag word. En*

*iemand wat so ver gaan om sy medemens 'n idioot te noem moet in die vuur van die hel gaan brand.*

Dikwels kan 'n mens uit dit wat iemand sê, agterkom of die persoon ander mense vergewe of nie. In hierdie verband sê God in Matt. 12: 35 die volgende: *As jy luister na wat iemand sê sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en of hy van binne skoon is. Juis daarom sê ek vir julle: mense wat sommer allerhande lelike dinge van ander sê, sal in die finale oordeel hulle woorde voor God moet gaan verduidelik. Wat jy sê is verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie.* Dit kom dus voor of God ons vergewensgesindheid gaan toets aan die manier wat ons oor ander mense gepraat het.

Miskien begin jy wonder oor hoeveel keer jy bereid moet wees om jou medemens te vergewe. Daar was 'n man wat nie bereid was om te vergewe nie. Van hom sê God die volgende (Matt. 18:32): *Jou skurk! Ek het so pas jou skuld van twintig miljoen rand afgeskryf omdat jy my om genade gesmeek het. Moes dit jou nie beweeg het om dieselfde vir die ander amptenaar te doen toe hy op sy knieë voor jou kom staan het nie? Die koning was so kwaad dat hy die amptenaar daar en dan tronk toe gestuur het waar hy gemartel is.* Jesus sê:

*My Vader in die hemel sal net soos hierdie koning met julle maak as julle weier om mekaar van harte te vergewe.*

\*\*\*\*\*